

Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlijkheid van die Here soos die waters die seabodem oordek.

Vol. 16, No. 6

Vertalings uit 'n vroeër gepubliseerde Nov-Des 2016 *Tomorrow's World*-tydskrif



'n Persoonlike boodskap van

Roderick C. Meredith, Hoofredakteur

Wat behoort u te glo

Die meeste mense glo *enigiets* wat deur hulle familie aan hulle geleer is terwyl hulle grootgeword het. Hoe kan u regtig aan uself **bewys** wat u behoort te glo? Behoort u net verskeie artikels of boeke oor godsdiens te lees en dan u besluit te neem of behoort u na die absolute **ware bron** – die Bybel – te gaan?

Indien u gewillig is, kan u aan uself **bewys** dat die Bybel absoluut deur God geïnspireer is en duidelik aan u vertel wat u *behoort te glo*! Jesus Christus het gesê: “Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord van God” (Lukas 4:4). Alle gesaghebbendes is dit eens dat Hy duidelik na die *geïnspireerde Bybel* verwys het – die boek wat al hoe meer mense nie ken nie!

Indien u die moeite doen om die Bybel werklik oor verskeie onderwerpe te **bestudeer**, soos byvoorbeeld om “hemel toe te gaan”, sal u *dikwels* vind dat die Bybel *presies die teenoorgestelde* sê van wat die meeste mense glo! Jesus het gesê: “En **niemand** het opgevaar in die hemel nie, behalwe Hy wat uit die hemel neergedaal het, naamlik die Seun van die mens wat in die hemel is” (Johannes 3:13). Die apostel Petrus het dit ook baie duidelik gestel dat God na koning Dawid verwys het as “'n man na my hart”. (Handelinge 13:22) – **nie** na die hemel gegaan het toe hy gesterf het nie, maar dat hy eerder “**gestarf** het en ook **begrawe** is” (Handelinge

2:29)! Die Bybel vertel herhaaldelik aan ons dat die **ware** volgelinge van Christus konings en priesters sal word – om Christus by te staan om eendag op *hierdie aarde* te heers (Openbaring 5:9-10), nie in die *hemel* nie.

Indien u die gewone Protestantse predikant sou vra of u *veronderstel* is om “die Tien Gebooie te onderhou”, sal hy u dikwels antwoord: “Nee, want die Tien Gebooie is *aan die kruis vasgespyker* en Christene het nie vandag nodig om dit te onderhou nie”. Tog het Jesus Christus **herhaaldelik** aan ons gesê dat ons elkeen van die Tien Gebooie moet **gehoorsaam**. Jesus verklaar nadruklik: “**Moenie dink** dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul. Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie. Elkeen dus wat een van die minste van hierdie gebooie breek en die mense só leer, sal die minste genoem word in die koninkryk van die hemele; maar elkeen wat dit doen en leer, hy sal groot genoem word in die koninkryk van die hemele” (Matthéüs 5:17-19). 'n Rukkie later het Hy begin om 'n paar van die Tien Gebooie soos moord en egbreek *op te noem* om aan te toon van *watter gebooie* Hy gepraat het.

Die “geleerde” Protestantse kenners gebruik

dikwels 'n slim manier om te probeer “wegdoen” met Christus se duidelike leerstelling oor God se Geboorte, deur te sê dit was omdat Christus “volgens Judaïsme” onderrig het en dus is al hierdie dinge nie vandag nodig nie. Wat het **Christus** egter hieroor te sê?

Christus is altyd *dieselfde*

Jesus het naby aan die einde van Sy menslike lewe aan Sy Apostels gesê: “Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om **alles** te onderhou wat Ek julle beveel het. En kyk, Ek is met julle al die dae tot die voleinding van die wêreld” (Matthéüs 28:19-20).

Derhalwe, selfs *ná* Sy opstanding uit die dood en nadat alles wat nodig was aan die kruis vasgespyker was, het Christus Sy Apostels uitdruklik **beveel** om in die toekoms presies *dieselfde dinge* wat Hy hulle onderrig het, aan die mense te leer! Hoe kan mens dit enigsins “verdraai”? Tog is dit **presies** wat baie Bybel-ongeleterde Protestantse predikante op die ou einde doen!

Daarom my Vriende, behoort u te leer om die boek wat ons die Bybel noem – *die geïnspireerde Woord van God* – werklik te **bestudeer**. U behoort gereed en bereid te wees om te doen wat *die Bybel werklik sê*. Dan en *slegs dan*, sal u “ware

Vervolg op bladsy 27

Inhoudsopgawe

Voorblad

Persoonlik – Wat behoort u te glo?

Dr. Roderick C. Meredith se persoonlike rubriek

Hoofartikel

Die Almagtige God beheer die weer 3

Die weerverwante rampe en aardbewings waarvan ons in die nuus lees probeer om iets baie belangriks aan ons te vertel. U behoort dit te weet!

Sewe geheime vir 'n vreugdevolle huwelik 7

Vir sommige mense kan dit na 'n ongelooflike uitdaging lyk om 'n gelukkige huwelik te hê. So 'n huwelik wag nietemin vir “u” indien u hierdie noodsaaklike sleutels toepas!

Behoort Christene Kersfees te vier? 11

Dit lyk na 'n belaglike vraag om te vra, maar min mense kry die regte antwoord! Die waarheid kan nogtans 'n groot verskil in u lewe maak.

Die man wat met al sy krag gewerk het 17

Die geitjie se greep 19

Londen roep 21

Die Suezkrisis: 60 jaar later

Gereeld

Vrae en Antwoorde 23

Keerpunte in wêreldgeskiedenis 24

Besoek ons webwerf by:

www.wvm.co.za

of vir Engelse literatuur:

www.tomorrowworld.org

Wêreld van Môre

Hoofredakteur

Roderick C. Meredith

Redaksionele Direkteur

Richard F. Ames

Kuns Redakteur

John Robinson

Besturende Redakteur

Wallace Smith

Streksredakteurs

Robert Tyler (Australasië)

Stuart Wachowicz (Kanada)

Adam West (Europa)

Besigheidsbestuurder

Dexter B. Wakefield

Streekskantore

VERENIGDE STATE:

P.O. Box 3810

Charlotte, NC 28227-8010

Tel: (704) 844-1970

Faks: (704) 841-2244

www.tomorrowworld.org

AUSTRALASIË:

PO Box 300

Claredon, SA 5157

Tel: (61) 8 8383 6288

Faks: (61) 8 8127 9667

KANADA:

P.O. Box 409

Mississauga, ON L5M 0P6

Tel: (905) 814-1094

Faks: (905) 814-7659

NIEU-SEELAND:

P.O. Box 2767

Auckland 1140, New Zealand

Tel/Faks: (09) 268 8985

VERENIGDE KONINKRYK:

BM PO Box 2345

London, WC1N 3XX

Tel/Faks: 44 (0) 844-800-9322

SUID-AFRIKA:

Privaatsak X 3016

Harrismith, FS 9880

Tel: 058 622 1424

Faks: 058 623 1303

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God

Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die *Ou Vertaling* (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).

Die Almagtige God beheer die weer!

Deur Roderick C. Meredith

*Terwyl dit lyk asof ons wêreld al hoe meer buite beheer raak, kan ons dit nie langer bekostig om die waarheid te ignoreer nie! Die **Almagtige God** – die Skepper van die hemel, aarde en alle dinge – probeer om **ons aandag te kry!** Hy laat ons weet deur verskriklike weerverwante rampe, aardbewings en die dinge wat in die wêreld rondom ons gebeur, dat **Hy in beheer is!***

Almal van ons moet leer om die **werklikheid** in die gesig te staar! Die Almagtige God is *nie* “dood” nie! Hy leef werklik en is *nou*, meer as ooit tevore, besig om in wêreldsake in te gryp! Ons wat *hierdie Werk* doen het aan almal van u, die lesers van die *Wêreld van Môre*, baie *spesifieke profesieë* verduidelik wat onlangs plaasgevind het of nou besig is om plaas te vind.

Skenk *u* persoonlik hieraan **aandag**? Is u bereid om die **werklikheid** in die gesig te staar? *Dink!*

Duisende van u weet dat ek die laaste van die vyf oorspronklike evangeliste is wat in Desember 1952 deur Herbert W. Armstrong verorden is. Ek het op daardie tydstip met hom en ander leiers in die Werk kragte saamgespan om te “waarsku” dat die Britse Ryk tot 'n **einde** sou kom. Ons het gewaarsku dat nasionale grootheid van die Amerikaners en nasies van Britse afkoms spoedig oor die hele wêreld in duie sou stort en dat ons “trotse mag” tot 'n einde sou kom (Levitikus 26:19). Ons het gewaarsku dat die groot “seepoorte” wat God aan die Britte en die Amerikaners gegee het, weldra *weggeneem* sou

word. Ons het gewaarsku dat honderde duisende Russiese troepe en tenks wat gedurende daardie tyd in Oos-Europa gestasioneer was, gou sou **onttrek** en dat Duitsland die ooglopende leier van 'n komende Verenigde Europa sou word – só ook baie ander *spesifieke profesieë!*

Kort nadat ek begin het om saam met Herbert Armstrong te preek en in die *The Plain Truth* tydskrif oor hierdie profesieë te skryf, het dit begin gebeur! Ek en my vrou is gedurende die herfs en winter van 1956 na Brittanje gestuur en dit was *juis in dié tyd* dat die Suezkanaal van Brittanje af weggeneem is! Die Suezkanaal was gedurende daardie tyd een van die belangrikste “seepoorte” in die wêreld. U kan in ons artikel “Die Suez-krisis: 60 jaar later” lees van die geweldige uitwerking wat die verlies van daardie kanaal op die Britse Ryk gehad het. In die jare wat direk daarna gevolg het, is daar ook begin om die meeste van die ander “seepoorte” weg te neem: Die Straat van Hormuz, die Bab el-Mandeb, die Simonstad Basis – wat in beheer was van die suidpunt rondom Suid-Afrika – asook die Straat van Malakka wat

groot getalle skepe beheer het wat deur gebiede in die Verre Ooste gevaar het. Daarna het President Jimmy Carter die Panamakanaal feitlik “weggegee” – die **enigste** groot seepoort wat deur Amerika beheer was!

'n Paar jaar later is duisende Russiese tenks en troepe inderdaad uit die nasies van Oos-Europa onttrek en die Berlynse Muur het **tot 'n val gekom!** Duitsland het weer *een nasie* geword, met 'n spoed wat politieke waarnemers *verstom* het!

Hierdie dinge het plaasgevind net soos ons gewaarsku het dit sou gebeur. Nou, selfs terwyl ek hier skryf, word Duitsland internasionaal as die magtigste nasie en die “leier” van die Europese Unie erken en net **twee** van die agt tot tien vernaamste seepoorte het onder Britse of Amerikaanse beheer oorgebly: Gibraltar en die Falkland-eilande. Dié van u wat wêreldnuus noukeurig volg, weet dat *albei* die eilande voortdurend in die media “onder beleg” is met die Argentynse wat deurentyd daarop aanspraak maak dat die Falkland-eilande aan hulle behoort en die Spanjaarde wat probeer om beheer oor Gibraltar

te verkry en Brittanje uit te skop! Binne die volgende paar jaar sal een of *albei* van hierdie poorte ongetwyfeld “verlore” wees. Soos ons dan moontlik kan sê: Hulle is “almal weg”!

My Vriende, hierdie profesieë is nie “nietige” gebeure nie! Dit beïnvloed *honderde miljoene* mense en *honderde miljarde* dollars in internasionale handel en nywerheid wat deur hierdie groot “seepoorte” moet vaar. Om die Bybel se woorde te omskryf, hierdie **omvangryke** gebeure het **nie** “in 'n hoek” plaasgevind nie! Hierdie selfde groot God – die *God van die Bybel* – het ook *spesifiek voorspel* dat absolute **omvangryke** gebeurtenisse in die **weer** en verwante voorvalle spoedig oor ons gaan kom! Saam met die geprofeteerde droogte en hongersnood is daar verskriklike **brande** wat altyd as gevolg hiervan voorkom. Ek sluit ook **aardbewings** in, wat God ook op dieselfde manier as die weer beheer. God is inderdaad “El Shaddai” – die **Almagtige God**. Ons almal behoort dit regtig te *verstaan* asook die ooglopende implikasies daarvan, want hierdie feit gaan **u lewe** en die lewens van al u kinders en geliefdes in die nabye toekoms raak.

Dit is God wat die weer beheer!

Nuusberigte het onlangs die verskriklike **aardbewing** beskryf wat sentraal Italië getref het waar byna 300 mense gesterf het. Dorpies is in totaliteit so erg verwoes dat dit moontlik **nooit**

weer herbou sal kan word nie! Volgens die aangetekende geskiedenis ondervind die hele Amerikaanse Weste 'n ernstige droogte en groot gebiede is besig om **af te brand!** Terselfdertyd het die *teenoorgestelde* in dele van Texas en Louisiana plaasgevind – met die verskriklike **oorstromings** in die Baton Rouge, Louisiana omgewing wat die lewens en eiendom van tienduisende mense geheel en al *verwoes* het!

Onthou asseblief, die Bybel self maak dit *baie duidelik* dat beide die Ou en Nuwe Testament *deur God geïnspireer is* en Jesus Christus het voortdurend die Ou Testament as “Skrif” aangehaal – die ware Woord van die Skepper!

In Amos 4:1-9 profeteer die Almagtige God aan die mense van “Samaria”, (vers 1) die antieke “huis van Israel”, die voorvaders van die Amerikaners en nasies van Britse afkoms: “Alhoewel Ék julle reinheid van tande gegee het in al julle stede en broodsgebrek in al julle woonplekke – nogtans het julle jul tot My nie bekeer nie, spreek die HERE. Alhoewel Ék die reën van julle teruggehou het toe dit nog drie maande voor die oestyd was en op die een stad laat reën maar op die ander nie laat reën het nie, die een stuk land reën gekry het, maar die ander waarop geen reën geval het nie, verdor het; en twee, drie stede na een stad geslinger het om water te drink sonder om die dors te les – nogtans het julle jul tot My nie bekeer nie, spreek die

HERE. Ek het julle met brandkoring en met heuningdou swaar getref, baie van julle tuine en julle wingerde en julle vyebome en julle olyfbome het die sprinkaan verslind – nogtans het julle jul tot My nie bekeer nie, spreek die HERE” (verse 6-9).

God beskryf dus hoe Hy dit oor sommige stede “te veel” sal laat reën en die reën van ander stede sal **weerhou!** Tog sê God dat Sy mense hulle **nie** sal bekeer en na Hom terugkeer nie! Onthou asseblief my vriende, al hierdie profesieë waarvan ek melding maak is geskryf eeue **voordat** moderne “klimatoloë” met hulle voorspellings oor “aardverwarming” gekom het, terwyl hulle 'n paar jaar gelede “aardverkoeling” voorspel het en *nie een van die twee* het tot op hede in enige groot mate voorgekom nie! Dit is die Almagtige **God** – nie die moderne klimaatkundiges nie – wat in der waarheid die weer **beheer!** Begin *u* persoonlik dit “verstaan”?

In Sy belangrike “Olyfbergpredikasje” in Matthéüs 24, beskryf Jesus Christus die “sleutel” veranderings in gebeure wat definitief **sal** plaasvind en **nou** aan die einde van hierdie tydperk besig is om gestalte aan te neem. Eerstens waarsku Jesus ons om bedag te wees op *valse profete* (verse 4-5). Dan beskryf Hy oorloë en gerugte van oorloë en verduidelik dat verskillende nasies en “etniese” groepe al hoe meer in die eindtyd teen mekaar in opstand sal kom (vers 7). Daarna beskryf Hy *honger-*

snood, **pessiektes** (of *siekte-epidemies*) en **aardbewings** op verskillende plekke. Jesus Christus sê dat al hierdie dinge die “begin van die smarte” is (vers 8). Jesus profeteer dan dat Sy ware dienaars aan verdrukking oor gelewer sal word en deur al die nasies ter wille van Hom “gehaat” sal word (vers 9). Dit alles sal binnekort gebeur, selfs gedurende die leeftyd van die *meeste van u* wat nou hier lees!

Elía het “slegte weer” voorspel

Onthou u die profeet Elía? Baie mense onthou, maar vergeet gewoonlik dat hy die *absolute beheer van God* oor die weer aangedui het. Trouens, Elía word die eerste keer op hierdie manier bekend gestel: “En Elía, die Tisbiet, uit Tisbe in Gilead, het vir Agab gesê: So waar as die HERE, die God van Israel, leef, voor wie se aangesig ek staan, daar sal geen dou of reën in hierdie jare wees nie, behalwe op my woord!” (1 Konings 17:1).

Waarom het God dan vir Elía geïnspireer om *algehele droogte* vir 'n tydperk van drie jaar te voorspel? Die antwoord word duidelik wanneer Elía homself uiteindelik voor die aangesig van die bose koning Agab stel: “En net toe Agab Elía sien, vra Agab vir hom: Is dit jy, jou beroerder van Israel? Toe sê hy: Ek het Israel nie in beroering gebring nie, maar u en u familie, deurdat u die gebooie van die HERE verlaat het en agter die Baäls aan geloop het” (1

Konings 18:17-18).

Die Nuwe Testament *bekragtig direk* hierdie Ou Testamentiese weergawe. In die boek van Jakobus – wat deur Jesus Christus se broer geskryf is – vind ons hierdie geïnspireerde woorde: “Elía was 'n mens net soos ons, en hy het ernstig gebid dat dit nie moes reën nie, en dit het op die aarde drie jaar en ses maande lank nie gereën nie; en hy het weer gebid, en die hemel het reën gegee en die aarde het sy vrug laat uitspruit” (Jakobus 5:17-18).

Het ons in die Verenigde State, Kanada en Brittanje, “die gebooie van die HERE verlaat” soos toe koning Agab deur Elía veroordeel is omdat hy dit gedoen het? Die antwoord is voor die hand liggend. Sal ons *dieselfde soort straf* ontvang wat die land van Israel destyds ontvang het? Ons het die antwoord uit die Woord van God: “Want Ek, die HERE, het **nie verander** nie” (Maleági 3:6). Soos die Nuwe Testament dit stel: “Jesus Christus is gister en vandag **dieselfde** en tot in ewigheid” (Hebreërs 13:8).

Let op Salomo se geïnspireerde gebed waar hy *God se direkte beheer oor die weer erken*. “As die hemel toegesluit is, dat daar geen reën is nie, omdat hulle teen U gesondig het, maar hulle na hierdie plek toe bid en u Naam bely, van hulle sonde hul bekeer, omdat U hulle verootmoedig, wil U dan hoor in die hemel en die sonde van u knegte en van u volk Israel vergewe – want U leer hulle die goeie weg waar hulle in moet

wandel – en **gee reën** op u land wat U aan u volk as 'n erfenis gegee het” (2 Kronieke 6:26-27).

Met verwysing na Jerusalem sê God in Jesaja 29:6: “Vanweë die HERE van die leërskaare sal jy in genade besoek word, met donder en **aardbewing** en groot gedruis, wind en storm en die vlam van 'n verterende vuur.”

God sê weer in Maleági 3:6: “Ek, die HERE, het **nie** verander nie”. Hy het antieke Jerusalem met *aardbewings* en *storms* gestraf. Hy begin nou om die moderne afstammeling van antieke Israel op *dieselfde maniere* straf.

God beheer aardbewings

Na 'n onlangse aardbewing in Suid-Kalifornië, het 'n aantal plaaslike joernaliste gevra: “Waarom op Los Angeles pik?” 'n Beter vraag sou wees: “Waarom **nie**?”

Los Angeles word allerweë as die vermaaklikheidshoofstad van die wêreld beskou. In Los Angeles word meer verrotte, walglieke rolprente en TV-programme vervaardig wat moord, geweld en ongeoorloofde verdraaide seks uitbeeld as enige ander plek in die wêreld. Kalifornië word lank reeds beskou as die “brandpunt” van skynbaar elke vorm van perversie wat aan die mensdom bekend is. Die groot God wat oor volke en nasies regeer het die volste reg om verslegtende en opstandige volke en nasies *te straf* wat Sy Wette verontagsaam het en Sy groot seëninge nie waardeer nie. Die mense in

Kalifornië – en in die grootste dele van die Engelssprekende wêreld – het in die verlede baie geleenthede gehad om die Waarheid te leer indien hulle enige opregte belangstelling gehad het. God se basiese etiese standaarde, wat deur die Tien Gebooie opgesom is, is oor die algemeen goed bekend en bevat geen verborge duistere kennis nie. **Moontlik sal 'n goeie “opskudding” mense se aandag trek!**

Die groot God sê aan ons voorvaders: “Slaan jou oë op na die kaal heuwels en kyk! Waar is jy nie onteer nie? Aan die paaie het jy vir hulle klaar gesit soos 'n Arabier in die woestyn, en jy het die land ontheilig deur jou hoererye en deur jou boosheid. En die reënbuie is ingehou, en daar was geen laat reëns nie. Maar jy het 'n hoerevoorhoof gehad, jy het geweier om jou te skaam” (Jeremia 3:2-3). *Wees eerlik*. As 'n belydende Christelike nasie het ons die land met ons moderne egbreek, afvallighede, misdade en moorde “besoedel” – met inbegrip van die slagting van sowat **50 miljoen** ongebore kindertjies sedert 1973, toe die V.S. Hooggeregshof aborsie gewettig het – sowel as ander ontelbare handeling wat **gruwelik** in die oë van die God van die hemel is. Is Hy dan regverdig indien Hy die “laat reën” van diegene weerhou wat aan Hom ongehoorsaam is of wanneer Hy ons straf?

Die nasies van Britse afkoms is *definitief* die afstam-

meling van die sogenaamde “Verlore Tien Stamme” van Israel. God het ons nasies onmeetbaar geseën met die grootste konsentrasie rykdom en materiële hulpbronne in vergelyking met enige ander volk in die mens se geskiedenis. Ons het **God** egter “vergeet”. Ons is 'n *verleentheid* vir die Een wat ons so ryklik geseën het. Daarom, in profesie na profesie in u Bybel, beskryf God in besonderhede hoe hy die moderne “huis van Israel”, **asook** die Joodse volk, gaan **straf**. Soos 'n liefdevolle vader sy seun “dissiplineer”, so sal God ons weereens *vir ons eie beswil* dissiplineer, in die hoop dat dit **ons sal wakker maak!**

Het u al van die **massiewe aardbewing** gelees wat San Francisco in 1906 getref het? Die skrywer Jack London het net 64 km daarvandaan gewoon. Nadat hy die nuus gehoor het, het hy hom na die stad gejaag en aangeteken wat hy gesien het: “Niks daarvan het oorgebly behalwe herinneringe en 'n strokie woonhuise aan die buitewyke nie ... Daar was geen keer aan die vlamme nie. Daar was geen organisasie nie, geen kommunikasie nie ... Die telefoon- en telegraafstelsels was ontwrig. Die groot waterpyleidings het gebars. Alle slim uitvindings en voorsorgmaatreëls van die mens is in dertig sekondes deur stuiptrekkings van die aardkors uit rat gegooi ... Nog nooit in die geskiedenis is 'n moderne vorstelike stad heeltemal so in

totaliteit vernietig nie. San Francisco is weg” (“*The Story of an Eyewitness*”, *Collier's*, 5 Mei 1906).

Die verwoesting van San Francisco was onbeskryflik. In die 45 tot 60 sekondes van skuddings en drie dae van brande, is 28,000 geboue vernietig en 225,000 mense dakloos gelaat. 'n Geskatte 3,000 mense het hulle lewens verloor. Skade aan eiendom het \$400 miljoen (in 1906 dollars) beloop. Die vuur het 10 vierkante km van San Francisco vernietig – bykans twee-derdes van die stad.

Op vandag se Richterskaal het die aardbewing 7,7 tot 7,9 gemeet – byna 100 keer meer intens as die verskriklike aardbewing wat Northridge, Kalifornië op 17 Januarie 1994 getref het!

My Vriende, wat sal dit verg om u te “skud” om gewilliglik en waarlik na **God te soek** – die ware God van die Bybel – met u hele hart en met u hele siel? Wat sal dit neem om u te “skud” sodat u gewillig sal wees om uit hierdie huidige samelewing te kom en werklik die God te **gehoorsaam** wat aan u lewe en asem gee?

In die Nuwe Testament het die grote God wat ons almal geskape het, die skrywer van Hebreërs geïnspireer om aan ons hierdie waarskuwing te gee: “Pas op dat julle Hom wat spreek, nie afwys nie; want as hulle nie ontvlug het nie wat Hom afgewys het toe Hy op aarde 'n goddelike waarskuwing gegee het, veel minder óns wat ons van

Vervolg op bladsy 15

Sewe geheime vir 'n vreugdevolle huwelik

Deur Richard F. Ames

In ons Westerse nasies word die huwelik aangeval soos nog nooit tevore nie. Daar is egter beginsels wat u kan toepas om u huwelik sterk en gelukkig te hou!

Die gesin is die boublok van enige gemeenskap en die huwelik tussen 'n man en 'n vrou is die begin van daardie gesin. Stabiele huwelike bou gelukkige gesinne. Stabiele gesinne versterk omgewings, gemeenskappe en nasies.

Sommige van u wat hierdie artikel lees mag dit dalk oorweeg om in die huwelik te tree. U sal sekerlik vir hierdie lewenslange verbintenis deeglik voorbereid wil wees. Watter beginsels sal u toepas om 'n gelukkige en stabiele huwelik te verseker? Indien u reeds getroud is, weet u dat daar altyd ruimte vir verbetering is. Wat kan u doen om 'n huwelik met probleme te verbeter of 'n gelukkige huwelik nog gelukkiger te maak?

Die huwelik kan vreugdevol wees, maar dit kan ook 'n uitdaging wees. Ek weet dit uit jare se persoonlike ondervinding. Ek en my vrou het gedurende die meer as 50 jaar wat ons getroud is soms probleme ervaar as gevolg van ons menslike natuur. U Bybel gee egter die strategieë en geheime vir 'n suksesvolle, goddelike huwelik. U behoort hierdie algemene beginsels in u huwelik toe te pas. Hierdie artikel openbaar sewe geheime om u te help om 'n vreugdevolle huwelik te hê!

Geheim 1: Kommunikeer in liefde

My vrou het 'n agtergrond in musiek; sy was 'n vioolonderwyseres en het selfs professioneel opgetree voordat ons getroud is. Ek aan die ander kant, is as 'n ingenieur opgelei. Die ideaal sou wees dat my analitiese denkwysse en haar subjektiewe benadering mekaar sou aanvul, maar om eerlik te wees, dit het ons 'n tyd geneem om aan te pas. Ons het egter geleer om effektief te kommunikeer. Dit beteken om effektief te luister, nie net effektief te praat nie.

Hoe dikwels “skakel” huwelikspare “mekaar” in hulle gesprekke “uit”? Ons behoort te luister om te verstaan – probeer om die ander persoon se standpunt in te sien. Probeer om die ander persoon se gevoelens en behoeftes te verstaan! Toon respek deur u volle aandag te skenk.

Die apostel Paulus gee ons 'n basiese beginsel om effektief te kommunikeer: “... maar, **terwyl ons in liefde die waarheid betrag**, [moet ons] in alles ... opgroei in Hom wat die Hoof is, naamlik Christus” (Efésiërs 4:15). Sommige mense praat die waarheid in haat. 'n Christen wat volwasse in Christus is, sal **bedag wees** op die uitwerking

wat sy woorde en boodskap op die luisteraar sal hê.

Wanneer u met u eggenoot praat, betoon u besorgdheid en omgee? Kommunikeer u met respek? Ons behoort sekerlik geduldig met mekaar te wees. Onthou: “Die liefde is lankmoedig en vriendelik” (1 Korinthiërs 13:4). Nog 'n vertaling stel dit so: “Die liefde is geduldig, die liefde is vriendelik” (vers 4, NV). Wees versigtig in u gesprekke om die waarheid in liefde te praat!

Met ons vinnige lewens-tempo mag manne en vroue dalk in verskillende rigtings gaan en skaars tyd hê om met mekaar te praat. Sommige studies het getoon dat baie egpare gemiddeld minder as 20 minute per week in gesprek met mekaar verkeer! Daar is tog 'n manier om munt te slaan uit die kort tydjie wat u saam het. Dit is die vierminute kontak reël. In hulle boek, *Contact: The First Four Minutes*, verduidelik dr. Leonard Zunin en sy vrou Natalie Zunin: “Die sukses of mislukking van 'n huwelik ... kan afhang van wat tussen 'n man en vrou gebeur in net agt minute van die dag: Vier minute in die oggend wanneer u wakker word en vier minute wanneer u herenig na die dag se werk” (bl. 133).

U taal, gesindheid of

uitdrukking aan die begin van die dag kan die hele verhouding beïnvloed. Leer om 'n positiewe, liefdevolle gesindheid uit te straal vir die eerste vier minute saam aan die begin van die dag. Doen spesiale moeite om in liefde te kommunikeer.

Geheim 2: Hou romanse lewendig

U het waarskynlik al die uitdrukking gehoor: “Dit is die klein dingetjies wat tel”. Elke vriendelike woord van waardering maak 'n verskil. Navorsing het ook getoon dat drukkie spanning kan verminder en dit bevorder selfs liefdevolle eenheid tussen man en vrou! Ek en my vrou gee mekaar dikwels 'n drukkie wanneer ons uiteen gaan om aan aparte projekte in die huis te werk – ander kere sommer net spontaan. Jare gelede het ek 'n verslag van 'n versekeringsmaatskappy gelees wat gesê het dat mans wat hulle vrouens soen voordat hulle werk toe gaan in minder motorongelukke betrokke is en 30% meer geld verdien as diegene wat nie hulle vroue soen nie. Ek het dit 'n gereelde gewoonte gemaak om my vrou te soen voordat ek die huis verlaat om te gaan werk. Op 'n dag het ek haar nie gesoen nie en met my motor teen 'n boom vasgery. Selfs al was daar min skade, maak ek nou seker dat ek haar elke oggend soen!

Ander liefdevolle en bedagsame dae help om die romanse lewendig te hou. 'n Bedagsame en sorgsame man sal op 'n herdenking aan sy vrou 'n bos

blomme gee en soms net as 'n verrassing. 'n Kreatiewe en sorgsame vrou mag dalk haar man met 'n spesiale geskenk of 'n spesiale ete verras.

God het bedoel dat die man en sy vrou een vlees word om die genot van goddelike seks in die huwelik te geniet! God beveel egpare ten minste vier keer in die boek Génesis: “Wees vrugbaar en vermeerder”. Die Bybel is baie duidelik: God het seks vir die huwelik en die gesin geskep. Onthou, die Bybel openbaar ook dat die huwelik net tussen 'n man en sy vrou is. In die Bybel en in die **werklike wêreld** van geestelike, Goddelike Wette **is daar nie so iets soos** “dieselfde-geslag huwelike” nie! Die Bybel openbaar duidelik dat enige seksuele verhouding buite die huwelik **sonde** is! Ons lees: “Laat die huwelik in alle opsigte eerbaar wees en die bed onbesmet; want God sal hoereerders en egbrekers oordeel” (Hebreërs 13:4).

Geheim 3: Gee 100% aan u wederhelf

Die ou gesegde, “Die huwelik is 'n 50-50 ooreenkoms” is **heeltemal verkeerd!** Moderne, gegoede, “verligte” professionele mense mag moontlik sê, “Onafhanklikheid is ons prioriteit. Ons sal intellektueel instem om saam te werk, maar ek behou steeds my persoonlike ontsnaproete ingeval dinge nie reg uitwerk nie”. Ware liefde gee sonder om enigets terug te verwag. Paulus skryf dat ons die woorde van die Here Jesus moet onthou, wat Hy

gesê het: “Dit is saliger om te gee as om te ontvang” (Handelinge 20:35). Soos die Nuwe Vertaling dit ook stel: “Om te gee, maak 'n mens gelukkiger as om te ontvang.”

Wanneer twee mense **albei** 100% gee, het mens 'n sterk band – 'n sterk “oorvleueling” wat buigsaamheid waarborg en die vermoë om krisisse en probleme te hanteer. In so 'n scenario is albei eggenote “ten volle betrokke”. Die 50-50 ooreenkoms is 'n swak ingeboude skakel in u verhouding!

U tyd is een van die grootste geskenke wat u kan gee! 'n Paar jaar gelede, toe ek nog baie aktief by sport betrokke was, was ek geneig om my vrou met saamwees tyd af te skeep. Ek onthou nog die tyd toe ek besluit het om my tyd aan haar te **gee** in een of ander spesiale aktiwiteit waarvan sy sou hou. Sy wou met 'n kano gaan vaar – dit was nie my gunsteling aktiwiteit nie, maar ons het een Sondagmiddag op 'n Oos-Texas meer gaan vaar, omring deur dennebome, blou lug, watervoëls en vrede! Wat *ek* as 'n opoffering van my tyd beskou het, het tot 'n sterker verhouding gelei – my vrou het die aktiwiteit geniet en my poging waardeur. Verbind uself daartoe om meer te **gee** as wat u in die verlede gedoen het. Wees vasbeslote om maniere te vind om aan u eggenoot te gee – dan sal u nie so gefrustreerd wees nie en God sal u in u verhouding seën. Jesus het immers gesê: “Dit is saliger om te gee as om te ontvang.”

Geheim 4: Vervul u God-gewewe verantwoordelikhede

God het belangrike verantwoordelikhede aan manne en vroue gegee. "Manne, julle moet jul eie vroue liefhê, soos Christus ook die gemeente liefgehad en Homself daarvoor oorgegee het om dit te heilig, nadat Hy dit gereinig het met die waterbad deur die woord, sodat Hy die gemeente voor Hom kon stel, verheerlik, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks; maar dat dit heilig en sonder gebrek sou wees. So behoort die mans hul eie vroue lief te hê soos hul eie liggame. Wie sy eie vrou liefhet, het homself lief; want niemand het ooit sy eie vlees gehaat nie, maar hy voed en koester dit, net soos die Here die gemeente" (Efésiërs 5:25-29).

God beveel my as 'n eggenoot om my vrou lief te hê. Ek moet aan God rekenskap gee vir my gesindheid, diens en toewyding aan my vrou. Let daarop dat God **nie** allerhande vorms van ontvluggende klousules gee nie. Hy sê **nie: "Indien"** u vrou volmaak is, **dan** moet u vir haar lief wees nie. **Nee!** God **beveel** u om u vrou **lief** te hê. Dit is **u verantwoordelikhede!** Soos ons vroeër gesien het, behoort u 100% aan u vrou te gee.

Wat beveel God dan aan die vroue? "Vroue, wees aan julle eie mans onderdanig, soos aan die Here. Want die man is die hoof van die vrou, soos Christus ook Hoof is van die gemeente; en Hy is die Verlosser van die liggaam. Maar soos die gemeente aan Christus onderdanig is, so moet

die vroue dit ook in alles aan hul eie mans wees" (Efésiërs 5:22-24).

Weereens dames, God sê **nie** dat u uself net aan 'n **volmaakte** eggenoot behoort te onderwerp nie. Ek weet nie van enige volmaakte man nie. Slegs Christus is volmaak! Wanneer elkeen van ons ons *eie* God-gewewe verantwoordelikhede vervul – opreg en ywerig, hoe onvolmaak ookal, sal God die huwelik selfs meer seën! Let ook daarop dat die apostel Paulus ons in dieselfde gedeelte aanmoedig om dankbaar te wees en om seker te maak dat ons "aan mekaar onderdanig is in die vrees van God" (Efésiërs 5:20-21). As man en vrou het u elkeen hierdie verantwoordelikhede teenoor u huweliksmaat.

Geheim 5: Eer en respekteer u eggenoot

Die meeste van ons getroude pare weet dat ons 'n menslike natuur en menslike swakhede het. Ek en my vrou het argumente gehad, nie soseer nou ná 50 jaar nie, maar hoe raak u versoen en los daardie argumente op? Die volgende geheim mag dalk moeilik wees vir dié wat fout vind en die swakhede en karakterfoute van hulle huweliksmaat ken. Dink aan God se opdrag met betrekking tot ons verhouding met ander mense: "Moenie iets doen uit **selfsug** of **uit ydele eer** nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër **ag** as homself" (Filippense 2:3).

Waardeer u regtig u eggenoot? Respekteer u hom of

haar as 'n menslike wese wat na die ewebeeld van God geskape is? Ja, u Bybel leer ons om andere hoër as onself te **ag** – dit is na **waarde te skat**. Dit beteken nie dat u elke slegte eienskap of elke slegte gewoonte van u eggenoot moet respekteer nie. Wees egter op die uitkyk vir sy of haar positiewe waardes! Indien u u wederhelf mishandel het, **fisies of verbaal**, is dit nodig dat u u daarvan bekeer! U moet uself nederig voor God stel en Hom om vergifnis vra. Dit is ook nodig om u wederhelf om verskoning te vra! Dit is soms moeilik om te sê: "Ek is jammer". Deur dit egter te doen kan u die genesing en herstel van u verhouding bewerkstellig!

Hou in gedagte dat u en u huweliksmaat "mede-erfgename van die genade van die lewe is" (1 Petrus 3:7). Dit is noodsaaklik om te **verstaan** hoe waardevol God **elke** menslike wese ag en dit sluit u wederhelf in, ongeag u mening oor hom of haar. Elke mens op aarde het die potensiaal om in die Goddelike Gesin van God ingebore te word as 'n verheerlikte, onsterflike kind van God. Paulus skryf: "Ek sal vir julle 'n Vader wees, en julle sal vir My seuns en dogters wees, spreek die Here, die Almagtige" (2 Korintiërs 6:18). Wees altyd bewus van die ongelooflike potensiaal van u wederhelf.

Geheim 6: Leer om te vergewe

Hoe dikwels het u argumente in u gesin of in u huwelik? Ons behoort almal selfbeheersing, hoflikheid, eer en respek te betoon. Soms is die beste

strategie tydens 'n argument om te onthou: “'n Sagte antwoord keer die grimmigheid af” (Spreek 15:1). Ons behoort somtyds ons eie verantwoordelikheid te erken. Moontlik het ons persoonlik tot die probleem bygedra. Ek weet dit kan by tye baie moeilik wees, want ons trots is in die gedrang. Ek het dit self ervaar. Om eenvoudig “Ek is jammer” te sê, kan baie daartoe bydra om konflik op te los. Ons behoort mekaar in elk geval te vergewe.

Onthou die wonderlike opdrag in u Bybel: “Maar wees vriendelik en vol ontferming teenoor mekaar; **vergeef** mekaar soos God ook in Christus julle **vergewe** het” (Efesiërs 4:32).

Nog 'n gedeelte beklemtoon ook daardie punt: “Beklee julle dan, as uitverkorenes van God, heiliges en geliefdes, met innerlike ontferming, goeder-tierenheid, nederigheid, sagmoedigheid, lankmoedigheid. Verdra mekaar en **vergewe**

mekaar as die een teen die ander 'n klag het; soos Christus julle **vergeef** het, so moet julle ook doen. En *beklee julle* bo dit alles met die liefde wat die band van die volmaaktheid is” (Kolossense 3:12-14).

Geheim 7: Bid saam

Ek besef u mag dalk met 'n ongelowige getroud wees, in watter geval dit nodig is om elke dag vir hom of haar te bid asook vir u huwelik. Streef daarna om 'n Christelike voorbeeld vir u gade te wees. Ons lees: “Net so moet julle, vroue, aan jul eie mans onderdanig wees, sodat, as sommige aan die woord ongehoorsaam is, hulle ook deur die wandel van die vroue sonder woorde gewin kan word” (1 Petrus 3:1).

U liefdevolle, toegeeflike, Christelike **voorbeeld** kan daartoe bydra om 'n positiewe invloed op u man te hê. Neem kennis dat die klem op gedrag is, **nie** om te probeer om u lewensmaat in u godsdiens in te

argumenteer nie.

Indien u en u huweliksmaat natuurlik albei persoonlik bid, probeer dan om saam te bid. Dit is ongelooflik hoe baie intieme en persoonlike gedagtes in ons gebede te voorskyn kom. Op dié manier deel ons met mekaar en met ons God.

Vra God om u te help om hierdie beginsels in u eie lewe toe te pas. Onthou, u kan nie u huweliksmaat dwing om te verander nie – u kan net uself verander. U voorbeeld van liefde en diensbaarheid kan egter 'n positiewe invloed op u maat hê. U kan dit nie op u eie doen nie. U het die hulp van u Verlosser nodig! Soos Paulus skryf: “Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee” (Filippense 4:13).

Mag God u en u eggenoot seën – een man en een vrou in een huwelik! Mag Hy u huwelik en u gesin seën namate u daarna streef om volgens Sy Woord te leef! **WvM**

Sosiale media dra by tot spanning in baie huwelike

Soos tye verander, so verander ook die bronne wat tot spanning lei wat in huwelike ervaar word. Navorsing wat deur die Verenigde Koninkryk regsfirma, Slater en Gordon gedoen is, dui daarop dat 'n toenemende aantal egpare die *gebruik* van *sosiale media* as 'n oorsaak van hulle egskedding aangee. Hulle opname met 2,000 getroude Britte in 2015 ontbloom 'n aantal ontstellende neigings:

Een uit sewe mense het gesê dat hulle eggenoot se aktiwiteit op *Facebook*, *Snapchat* en ander *sosiale media* hulle gemotiveer het om 'n egskedding te oorweeg.

17% van die respondente het gesê dat hulle daagliks met hulle maat baklei oor die gebruik van *sosiale media*, terwyl byna 'n kwart van die

respondente ten minste een keer per week as gevolg van *sosiale media* baklei het.

14% van die respondente het gesê hulle gebruik *sosiale media* om na bewyse van ontrouheid te soek.

15% van die respondente het geglo dat *sosiale media* gevaarlik vir hulle huwelik is, met *Facebook* bo-aan die lys as die gevaarlikste platform.

Andrew Newbury, die hoof van gesinsreg by die firma het gesê: “Ons is nou aktief besig om ons kliënte aan te raai om versigtig te wees met die gebruik van *Facebook* en alle vorms van *sosiale media*, omdat dit die potensiaal het om verhoudings skade te berokken”. **WvM**

Behoort Christene Kersfees te vier?

Deur Wallace Smith

Dit lyk na 'n verspotte vraag. Onsinnig. Belaglik. Dit is egter 'n vraag waarvoor die oorgrote meerderheid van die belydende Christelike wêreld die verkeerde antwoord het.

Behoort Christene Kersfees te vier?

Soos Desembermaand op die kalender nader skuif, bring dit die versiering van bome en huise, toegedraaide geskenke, geliefde Kersliedere, spesiale kerk- en misdienste en al die ander tierlantyntjies van Kersfees daarmee saam. Op die algemeen aanvaarde "Christelike kalender" word min geleenthede só gekoester en meer na uitgesien as die Kersseisoen. Kinders kry Advent-kalenders, gesinne gaan koop geskenke vir vriende en bure en kinders begin fantaseer oor al die goedjies wat Kersvader dalk vir hulle mag bring.

Dit is 'n tyd wat deur baie mense regoor die wêreld geniet word. Stories doen selfs die rondte van internasionale konflik wat tydelik op Kersdag gestaak word ter ere van die algemeen aanvaarde oortuiging aan albei kante dat die dag bedoel is om die geboorte van die Vredevoors te vier – waarna elke kant natuurlik sy poging hervat om die ander een dood te maak.

Dit kan werklik vreemd klink om die vraag te vra: "Is Kersfees Christelik?" Indien 'n mens by

nabetragting net na die woord "Christmas" sou kyk, sou mens die naam van "Christus" reg aan die begin sien!

Christene behoort nogtans altyd bereid te wees om hulle oortuigings, gebruike en tradisies met God se geopenbaarde Wil en Woord te vergelyk en dan daardie dinge te aanvaar wat deur God se uitdruklike begeerte bekragtig word en dan ook daardie dinge ter syde te stel wat daarmee teenstrydig is. Soos die apostel Paulus die vroeë Kerk vermaan het: "Beproof alle dinge; behou die goeie" (1 Thessalonicense 5:21). Die "alle dinge" sou sekerlik die viering van Kersfees insluit.

Wanneer ons dan die vraag vra of Christene Kersfees behoort te vier of nie, is dit net so belangrik om te verstaan watter vrae ons nie vra nie. Byvoorbeeld, ons vra nie of Kersfees pret is of nie. Terwyl die intensiteit van die koop van aandenkings en geskenke ongelooflik spanningsvol vir baie mense is, word Kersfees steeds oor die algemeen as een van die aangenaamste tye van die jaar beskou.

Ons vra ook nie of Kersfees-tradisies, liedjies, gewoontes en Kersliedere mooi en inspirerend is of nie. Om eerlik te wees, van die mooiste musiek van die Westerse beskawing is deur die

Kersseisoen se sentiment geïnspireer. Terwyl sommige gebruike wat met Kersfees verband hou walglik materialisties is, gee baie mense onbaatsugtig van hulleself gedurende die Kersseisoen en talle persoonlike en gesintradisies wat tydens daardie dae geniet word, skep gelukkige herinneringe.

Liefde en onselfsugtigheid behoort sekerlik nie tot een kort seisoen in die jaar beperk te word nie. Christene het nie Kersfees nodig om geïnspireerd te voel, pragtige musiek te sing of blywende familie-herinneringe te skep nie.

Ons vraag is baie eenvoudiger: Behoort Christene Kersfees te vier? Dit wil sê, behoort individue wat op getrouheid aan die godsdiens, oortuiging, gebruike en leerstellings van Jesus Christus aanspraak maak, Kersfees te vier? Sou Jesus individue aangemoedig het om die vakansiedag te vier of sou Hy hulle ontmoedig het? Sou Hy die viering daarvan beveel of veroordeel het? Sou Hy dit Self onderhou of ignoreer?

Die oorsprong van Kersfees

Enige oorweging oor die vraag of Christene Kersfees behoort te vier of nie, behoort begin te word met begrip van die oorsprong van dié dag en die vele

tradisies daaraan verbonde.

Kersfeestradisies verskil ongetwyfeld van plek tot plek. Baie mense is nogtans vertrouwd met die ervaring van 'n versierde Kersboom of dalk die brand van 'n *Yule log* [Kersstomp]. Die ophang van die steekpalm [groenigheid] en die strategiese plasing van 'n mistelkrans is algemeen in baie kulture. Die samekoms van gesinne of vriende en die uitruil van geskenke word sekerlik deurgaans met die “gees van Kersfees” verbind.

Al hierdie gebruike kom direk van voor-Christelike, heidense gelowe en winter aanbiddingsgebruike.

Glo dit of nie, maar hierdie is nie 'n algemeen debatteerbare vraag nie. Dit is 'n geskiedkundige feit. Selfs hoofstroom Christene betwis nie die heidense oorsprong van Kersfeesgebruike en tradisies nie. Selfs gewilde, konserwatiewe Christene soos dr. James Dobson, die stigter van *Focus on the Family* en die teoloog dr. R. C. Sproul erken dit geredelik. Die heidense oorsprong en invloed agter dit wat ons nou “Kersfees” noem, is beskikbaar vir enige persoon wat met 'n oop gemoed gewillig is om die saak te ondersoek en die feite word nie ernstig betwis nie.

Kyk byvoorbeeld na hierdie kort opsomming oor die oorsprong van Kersfees uit die wyd gerespekteerde “Christelike” hulpbron *Eerdmans' Handbook to the History of Christianity*: “Die Christelike kerk het baie heidense idees en

afbeeldings oorgeneem. Die viering van Christus se geboorte op 25 Desember, kom byvoorbeeld van sonaanbidding, die geboortedag van die son. Saturnalia, die Romeinse winterfees van 17-21 Desember, voorsien die vrolikheid, uitdeel van geskenke en kerse tipies aan latere Kersfees vakansiedae ... Sommige heidense gebruike wat later verchristelik is, byvoorbeeld die gebruik van kerse, wierook en kranse, was aanvanklik deur die kerk vermy omdat dit die heidendom gesimboliseer het”.

In sy beroemde werk *A Classical Dictionary*, som die geleerde John Lemprière sommige van die antieke, voor-Christelike gebruike van die heidense vakansie Saturnalia op – die heidense winterfees waarvan baie Kersfees tradisies afkomstig is: “Die viering was merkwaardig vir die vryheid wat universeel geheers het. Die slawe was toegelaat om hulle meesters belaglik te maak ... Dit was algemeen vir vriende om geskenke vir mekaar te maak, alle vyandigheid is gestaak, geen misdadigers is tereggestel nie, skole is gesluit, geen oorlog is verklaar nie, maar alles was plesierig, luidrugtig en uitspattig”.

Klink enigiets daarvan bekend?

Natuurlik! Baie van die gebruike en gewoontes van Kersfees is van heidense oorsprong. Die oorspronklike betekenis daarvan is verander sodat dit meer Christelik kon klink. Sommige predikante

vergelyk byvoorbeeld die heidense kranse van steekpalm met die doringkroon wat Christus tydens Sy kruisiging gedra het of die rooi van die steekpalmbessies met Sy bloed. Daardie vertolkings is eers heelwat later by hierdie antieke, voor-Christelike elemente gevoeg en nie een daarvan verander die feit van die oorsprong van hierdie gewoontes, tierlantyntjies en tradisies nie. Indien ons eerlike op die voorhandliggende vraag sou wou antwoord – Behoort Christene Kersfees te vier? – behoort ons dit met inagneming van al die feite te doen.

Wanneer dit by die oorsprong van die gebruike kom, is daardie feite duidelik: Die datums, gebruike en gewoontes – byna die hele pakket wat ons as “Kersfees” ken – was in die Christendom opgeneem uit heidense gebruike wat hulle oorsprong gehad het in sonaanbidding in die winter en die Romeinse Saturnalia. Weereens, feitlik geen geskiedkundige betwis hierdie saak ernstig nie.

Wat behoort 'n Christen se besluit te lei?

In werklikheid is dit nie ongewoon om te sien dat vername tydskrifte en ander publikasies deesdae openlike besprekings oor die heidense oorsprong van Kersfees tradisies bied nie – die versiering van immergroen bome, die hang van 'n mistelkrans en die gee van geskenke – sonder enige sweem van 'n geloofstryd.

Alhoewel hierdie dinge al meer bekend raak, lyk dit of min mense daarvoor bekommerd is.

Moontlik het hierdie feite nie enige uitwerking op die vraag of 'n Christen die vakansiedag behoort te vier of nie. In werklikheid, hoe weet ons wat Christene behoort te doen of nie? Wat maak iets gepas vir Christene of nie? Is dit alles 'n kwessie van opinie en voorkeur of is daar 'n objektiewe standaard wat 'n Christen se geloofsoortuigings en gebruike in sulke dinge onderrig?

Dit mag dalk na 'n moeilike vraag lyk, maar dit is nie. Die naam "Christen" is afkomstig van die naam van die ware stigter van die Christendom, Jesus Christus, die Seun van God. Mense wat hulleself Christene noem maak daarop aanspraak dat hulle volgelinge van die leerstellings en voorbeeld van Jesus Christus is. Dus, indien iets as gepas beskou word of selfs van Christene vereis word, moet dit ooreenstem met die leerstellings, verklarings, voorbeelde en opdragte van die ware stigter van die godsdiens wie se naam daardie geloof dra: Jesus Christus!

Dit is werklik voor die hand liggend, is dit nie? Enige iets behoort in die geloof en gebruike van Christene te pas indien dit met die leerstellings en gebruike van Jesus Christus ooreenstem. Enige iets behoort nie in hulle geloof en gebruike indien dit nie so is nie. Dit is nie ingewikkeld nie!

Dit is nie net sommer

gesonde verstand nie. Dit is wat Jesus Self uitdruklik aan ons leer. Die Nuwe Testament verkondig Sy stelling dat om Sy volgelinge te wees – om 'n Christen te wees – nie genoeg is om net te "glo" wat Hy sê terwyl dit in mens se handel en wandel geïgnoreer word nie.

Neem die volgende in Lukas 6:46 in ag, na Sy veroordeling van diegene wat Jesus as hulle "Here" bely sonder om werklik te leef soos Hy beveel: "En wat noem julle My: Here, Here! en doen nie wat Ek sê nie?" Net so verklaar Hy: "Baie sal in daardie dag vir My sê: Here, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie? En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtigheid werk!" (Matthéüs 7:22-23).

Jesus aanvaar duidelik nie diegene wat Hom "Here" noem, maar Hom nie volg en handel volgens Sy leerstellings nie en wat God se Wette en bevele ignoreer. Selfs al sou iemand daarop aanspraak maak om 'n "Christen" te wees, 'n wonderwerker, sê Jesus dat indien so iemand nalaat om Sy leerstellings te beoefen en God se Gebooie ignoreer, dan sal Hy daardie een opsy stoot en verklaar dat Hy hom nooit geken het nie!

Trouens, hierdie beginsel om waarlik volgens Jesus se woorde op te tree en Sy Vader se bevele te gehoorsaam was so noodsaaklik vir die geloof wat Hy verkondig het, dat Jesus [die

jong man] geleer het: "Maar as jy in die lewe wil ingaan, onderhou die gebooie" (Matthéüs 19:17). Een van die oorspronklike twaalf Apostels wat gekies en persoonlik deur Jesus Self opgelei is, het geskryf: "En hieraan weet ons dat ons Hom ken: as ons sy gebooie bewaar. Hy wat sê: Ek ken Hom – en sy gebooie nie bewaar nie – is 'n leuenaar en in hom is die waarheid nie" (1 Johannes 2:3-4).

Dit is kwaai! Jesus sê deur Sy Apostel dat indien ons nie Sy Gebooie en leerstellings volg nie, ons nie eers weet wie Jesus Christus is nie. Indien ons sê dat ons dit doen, bestempel God se Woord ons as 'n leuenaar!

Wat sou Jesus doen?

Die bedoelings is duidelik. Indien ons wil weet of Christene Kersfees behoort te vier, kan ons net onself vergewis oor hoe Jesus se eie leerstellings en gebruike van Kersfees toegepas kan word. Dit beteken dat ons na Kersfees behoort te kyk en die antwoord uit te vind op die gewilde vraag: "Wat sou Jesus doen?"

Gelukkig hoef ons nie te raai wat die antwoord is nie. Die Bybel is in baie gedeeltes besonder duidelik oor hierdie vraag.

Byvoorbeeld, toe Hy van heidense volke en tradisies en gebruike gepraat het, het God antieke Israel baie duidelik beveel: "... neem jou dan in ag dat jy nie, agter hulle aan, verstrik word nadat hulle voor jou uit verdelg is nie, en dat jy nie na hulle gode vra en sê nie: Hoe

het hierdie nasies hulle gode gedien? dat ek ook so kan doen. So mag jy nie handel met die HERE jou God nie ..." (Deuteronomium 12:30-31).

Dit is van deurslaggewende belang! Let daarop dat God nie net sê: "Moenie afgode aanbid nie" of "Moenie hulle gode aanbid nie". Hy sê: "Jy mag die Here jou God nie op daardie manier aanbid nie"! Die Bybel maak dit duidelik dat ons die ware God nie eers op heidense maniere mag aanbid nie. Dus, terwyl sommige mense dikwels probeer sê dat dit aanvaarbaar is om heidense tradisies, simbole en dae te gebruik, solank as wat mens die ware God met daardie dinge aanbid, sê die Bybel anders.

Net so beveel God ons in Jeremia 10:2: "Maak julle nie gewend aan die weg van die heidene nie" – bedoelende daardie heidense nasies buite antieke Israel. Hy kon dit nie nog duideliker gestel het nie: Hy wil nie hê dat Sy volk Hom aanbid deur die gebruik van heidense maniere nie. Trouens, die gedeelte in Jeremia 10 gaan veel verder en beskryf 'n spesifieke voorbeeld van 'n heidense gebruik wat deur God veroordeel word wat bekend behoort te klink! God gaan voort: "Want die insettinge van die volke is nietigheid; want 'n boom uit die bos kap hulle om, die handewerk van 'n ambagsman met die byl. Hulle versier dit met silwer en goud, hulle maak dit vas met spykers en hamers, dat dit nie waggel nie" (verse 3-4).

Hoeveel mense doen dit elke Kersfees met 'n immergroen boom – deur dit in hulle huise in te bring, dit te laat staan en dan met silwer en goud te versier? Die Almagtige God sê Hy gee nie om of u dit 'n afgod noem of nie. In stede hiervan sê Hy eenvoudig: "Moenie sulke dinge van die heidene leer en moet My nie op daardie manier aanbid nie!"

Opdragte vir Christene ook!

Natuurlik is hierdie gedeeltes uit die Ou Testament, nie waar nie? Die vraag gaan daaroor of Christene Kersfees behoort te vier of nie en of Jesus Christus nie dalk dinge verander het nie. Moontlik het Hy gesê dat dit heeltemal aanvaarbaar is om God se Gebooie ter syde te stel ter wille van tradisies wat ons persoonlik wil volg. Moontlik het Hy gesê dat ons toegelaat word om God se opdragte te ignoreer en om Hom te aanbid net soos ons wil en met watter tradisies ons wil, ongeag van wat die res van die Bybel sê.

Ons het dit egter alreeds geantwoord of hoe? Jesus het God se Wette liefgehad en geëer en almal wat Hom volg beveel om dieselfde te doen. Trouens, Hy het spesifiek die vraag aangespreek of Sy volgelingen bereid behoort te wees om God se opdragte ter syde te stel ter wille van tradisies wat hulle wil onderhou.

Jesus Christus het die godsdienstige leiers van Sy tyd streng veroordeel wat dieselfde ding gedoen het – om God se

Wette te ignoreer ter wille van hulle eie tradisies van aanbidding: "Tereg het Jesaja oor julle, geveinsdes, geprofeteer soos geskrywe is: Hierdie volk eer My met die lippe, maar hulle hart is ver van My af. Maar tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooie van mense is. Want terwyl julle die gebod van God nalaat, hou julle aan die oorlewering van mense vas ... Julle verstaan dit goed om die gebod van God opsy te sit en so julle oorlewering te onderhou" (Markus 7:6-9).

God se Woord en Jesus Christus se leerstellings is glashelder! Vir 'n Christen om Kersfees te vier – die boom, die geskenke, selfs ook die datum – sou dit vir hom of haar nodig wees om van God se Gebooie afstand te doen om aan daardie tradisie vas te hou. God beveel ons om nie gebruike en tradisies van heidense oorsprong te gebruik om Hom te aanbid nie en Kersfees – bo alle twyfel – is met sulke gebruike en tradisies deurweef. Om Kersfees te vier moet 'n Christen eerstens God se Gebooie verwerp. Jesus Christus, die Seun van God en die stigter van die Christendom – veroordeel sulke handelinge driftig sonder om doekies om te draai.

Indien ons daarop aanspraak maak om 'n Christen te wees, maar ons ignoreer Christus se leerstellings om in elk geval Kersfees te vier, weerklink Jesus se woorde van 2,000 jaar gelede om ons uit te daag: "En wat noem julle My:

Vervolg op bladsy 26

Weet u wat aangaan?

Deur Michael Heykoop

Rooi lug in die aand is matrose se vreugde. Rooi lug in die môre en matrose word gewaarsku. Vir duisende jare al besef mense dat dit voordelig sou wees om die tekens van die tye te kon lees om sodoende toekomstige gebeure te voorspel. Somtyds kan die tekens vir almal sigbaar wees, maar slegs diegene wat in staat is om dit in die regte verband te plaas kan verstaan wat dit vir die toekoms inhou!

Matrose en andere wat finansieel van die see afhanklik was, het geleer dat rooi lug in die oggend 'n heel ander betekenis gehad het as rooi lug in die aand. Aangesien die meeste weerpatrone van wes na oos beweeg, beteken rooi lug in die aand – wanneer die son in die weste ondergaan – dat 'n onbewolkte nag voorlê. In teenstelling hiermee beteken rooi lug in die oggend dat die son die onderkant van naderende stormwolke verlig wat uit die weste opkom.

Jesus Christus verwys na hierdie verskynsel in 'n gesprek met die Fariseërs en Saduseërs. “In die aand sê julle: Mooi weer, want die lug is rooi. En in die môre: Stormweer vandag, want die lug is donker-rooi” (Matthéüs 16:2-3).

Die Fariseërs en Saduseërs het 'n sekere mate van wysheid gehad, wat hulle in staat gestel het om (onder andere) komende weerpatrone

te lees. Hulle was egter nie so wys soos wat hulle gedink het hulle is nie. Christus het hulle bestraf vir hulle onvermoë om die tekens te lees van die tye waarin hulle leef. “Geveinsdes, julle weet wel om die voorkoms van die lug te onderskei en kan julle nie die tekens van die tye onderskei nie?” (Matthéüs 16:3). Hulle het vir die Messias gewag om te verskyn, maar kon nie insien dat Hy reg voor hulle staan nie! Christus het later 'n soortgelyke frase gebruik om Sy dissipels te leer om op die uitkyk te wees vir Sy Wederkoms (Matthéüs 24:32-35). Hy het hulle van tekens vertel wat met Sy Wederkoms en die voleinding van die wêreld sou gepaardgaan (Matthéüs 24:3).

Is u daarvan bewus?

Is u op die uitkyk vir die tekens van die tye? Sien u die storm wat oor die horison opsteek? Paulus skryf dat aan die einde van hierdie tydperk: “... swaar tye sal kom. Want die mense sal liefhebbers van hulleself wees, geldgieriges, grootpratens, trotsaards, lasteraars, ongehoorsaam aan hulle ouers, ondankbaar, onheilig, sonder natuurlike liefde, onversoenlik, kwaadsprekers, bandeloos, wreed, sonder liefde vir die goeie, verraaiers, roekeloos, verwaand, meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God; mense wat 'n gedaante van godsaligheid het, maar die krag

daarvan verloën het. Keer jou ook van hierdie mense af” (2 Timótheüs 3:1-5). Watter tydperk kan dit beskryf indien dit nie die huidige tydperk is nie? Die profeet Daniël beskryf die einde van die wêreld as 'n tyd wanneer “baie sal dit deursoek, en die kennis sal vermeerder” (Daniël 12:4). Dink aan die prestasies in vervoerwese die afgelope eeu en die ontploffing van kennis wat deur die digitale era aangebreek het.

Daar is 'n skroeiende rooi oggendlug. Die tekens is daar om gesien te word, maar dit kan nie behoorlik sonder konteks van God se Heilige Skrif – die Bybel – verklaar word nie. Die tekens dui op 'n broeiende storm wat die mensdom heeltemal kan vernietig, as dit nie vir Jesus Christus se geprofeteerde Wederkoms is om orde in die wêreld te skep nie!

Word wakker! *Wêreld van Môre*-aanbieders en skrywers is besig om 'n reeks insiggewende aanbiedings in die komende weke en maande saam te stel en ek moedig u aan om een naby u by te woon. Besonderhede kan gevind word by *Tomorrows World.org*. Vir 'n oorsig van die tekens van die tye wat voor Jesus Christus se Wederkoms moet plaasvind, kan u gerus ons gratis boekie lees: *Veertien Tekens wat Christus se Wederkoms Aankondig*. **WvM**

Vervolg vanaf bladsy 6 – Die Almagtige God beheer die weer!

Hom afkeer nou dat Hy uit die hemele spreek. Toe het sy stem die aarde geskud; maar nou het Hy belowe en gesê: Nog een maal laat Ek nie alleen die aarde nie, maar ook die hemel **bewe**. En hierdie woord: nog een maal,

wys duidelik op die verandering van die wankelbare dinge as geskape dinge, sodat die onwankelbare kan bly. Daarom, omdat ons 'n onwankelbare koninkryk ontvang, laat ons dankbaar wees, en so God

welbehaaglik dien met eerbied en vrees. Want onse God is 'n verterende vuur” (Hebreërs 12:25-29). Mag die God van u Bybel u help om te luister. **WvM**

Het ons God vergeet?

Deur Gary F. Ehman

Jesus Christus sê in Mattheüs 6:25: “Daarom sê Ek vir julle: Moenie julle kwel oor jul lewe – wat julle sal eet en wat julle sal drink nie; of oor jul liggaam – wat sal julle aantrek nie. Is die lewe nie meer as die voedsel en die liggaam as die klere nie?”

Wanneer die Verlosser van die mensdom dit sê, waarom is ek dan altyd so bekommerd oor hierdie dinge? Nog 'n huis-paalement lê voor die deur. Die oond raak ouer. Voedselpryse raak belaglik. My beste pak klere raak 'n bietjie verslete – het u gesien wat die nuwes kos? Het ek die motor genoem?

My huis. My oond. My voedselrekening. My pak klere. My motor. Ons het hierdie dinge in oorfloed in 'n wêreld waar die helfte van die bevolking nie eers die basiese dinge het om hulle aan die lewe te hou nie. Statistieke toon dat byna drie miljard mense op minder as twee dollar per dag leef. Volgens Amerika se Departement van Gesondheid en Maatskaplike Dienste, word armoede vir 'n Amerikaanse enkel-persoon huishouding op \$33 per dag bereken. Die gemiddelde persoonlike jaarlikse inkomste vir die V.S. is ongeveer \$44,500 of \$122 per dag.

Dae afgesonder vir danksegging

In Oktober en November sal Kanadese en Amerikaanse gesinne aansit om 'n nasionale ete te geniet. In groot dele van die wêreld sou dit vergelykbaar wees met 'n banket vir 'n koning en in terme van kalorieë sou dit die gemiddelde behoeftige gesin vir 'n week lank kon voed.

Volgens die Brood vir die Wêreld instituut, ly 759 miljoen mense regoor die wêreld daagliks honger. Elke dag sterf

ongeveer 21,000 mense as gevolg van honger-verwante oorsake – meestal kinders. Dit beteken een sterfte elke vier sekondes.

Jesus se vraag: “Is die lewe nie meer as die voedsel en die liggaam as die klere nie?” sal nie vanjaar in die gedagtes van die gemiddelde Amerikaner of Kanadees wees nie. Baie mense sal op die afleidings van die lewe fokus – besigheid soos gewoonlik terwyl 'n langnaweek geniet word.

Hoeveel ware dankbaarheid sal daar wees wanneer gesinne aansit om te eet en daardie gememoriseerde gebedjie opsê: “Kom Here Jesus, wees ons gas en laat hierdie gawes aan ons geseënd wees – Amen?”

Abraham Lincoln het in 1863 geskryf, toe hy die voorafgaande as 'n nasionale dag van danksegging ingestel het: “Ek nooi derhalwe my medeburgers in elke deel van die Verenigde State uit asook diegene ter see en diegene wat in die vreemde vertoef, om die laaste Donderdag van volgende November af te sonder en te gedenk as 'n dag van Danksegging en Lofprysing aan ons barmhartige Vader wat in die Hemele woon. Ek beveel by hulle aan dat terwyl hulle die toerekening aan Hom bied wat Hom na regte vir sulke uitsonderlike verlossings en seënninge toekom, hulle terselfdertyd nederig berou sal hê oor ons nasionale afvalligheid en ongehoorsaamheid ... en vurig sal smee vir die bemiddeling van die Almagtige Hand om die wonde van die nasie te heel en dit so spoedig soos nodig mag wees te herstel wanneer dit in ooreenstemming met die goddelike doel is tot volle genot van vrede, eensgesindheid, kalmte en Eenheid”.

In die Amerika van vandag, sou die *American Civil Liberties Union* hom hof toe sleep en sal hy deur 'n “politiees korrekte” kongres veroordeel word. President Lincoln was egter reg toe hy vroeër daardie jaar verklaar het: “Ons was die ontvangers van die keurigste skatte van die hemel. Ons is al hierdie baie jare, in vrede en voorspoed bewaar. Ons het in getalle, rykdom en mag gegroei, soos geen ander nasie ooit gegroei het nie. Ons het God egter vergeet ... en ons het in die verleiding van ons harte, onself tevergeefs verbeel dat al hierdie seënninge deur een of ander meerdere wysheid en deug van onself verkry is. Bedwelmd deur ononderbroke sukses, het ons te selfonderhoudend geraak om die noodsaaklikheid van verlossende en behoudende genade te erken, te trots om tot die God te bid wat ons gemaak het!”

Waarom behoort ons op hierdie Dankseggingdag te dink en waarvoor behoort ons te bid wanneer ons vir ete gaan aansit? Indien ek die geleentheid het om by so 'n ete te bid, kom Jesaja 63:7 in my gedagtes op: “Ek sal die goedertierenhede van die HERE prys, die roemryke dade van die HERE, ooreenkomstig alles wat die HERE aan ons bewys het ... na sy barmhartighede en na die grootheid van sy goedertierenhede.”

Waarom? Omdat ek eerlik-waar dankbaar is. Die huis, die oond, die kos, die klere – ja, selfs die motor – het nie deur my meerdere wysheid of voortreflikheid gekom nie. Dit is wonderlike seënninge wat 'n liefdevolle God aan my gegee het, ten spyte daarvan dat ek deel is van 'n nasie wat nie die Woord van Sy waarheid bewaar nie en Sy naam verloën het. **WFM**

Die man wat met al sy mag gewerk het

Deur Winston Gosse

Wanneer ons aan die telefoon en sy uitvinder dink, dink ons waarskynlik aan Alexander Graham Bell.

Op 10 Maart 1876, op die ouderdom van 29, het Bell met sy medewerker Watson wat in 'n ander kamer was gepraat en die beroemde woorde oor die nuwe toestel geuiter wat die wêreld sou verander: “*Mnr. Watson – Kom hier – Ek wil u sien*”.

Die proses van navorsing en eksperimentering wat Bell 'n aantal jare vroeër begin het, het uiteindelik 'n wonderlike uitvinding tot gevolg gehad. Woorde wat in elektriese impulse verander is kan deur 'n draad gestuur word en weer in woorde teruggedraai word om aan die ander kant gehoor te word. So is die toestel wat die *telefoon* genoem word gebore. Dit het gelyk asof vernuftigheid en vindingrykheid in Bell se DNA was!

In 1878 het sy vader Melville, in Kanada met die kommersialisering van die uitvinding begin en in 1880 is die Bell Telefoon Maatskappy van Kanada gestig. Teen 1886, slegs ses jaar later, het meer as 150,000 mense in die V.S. telefone besit.

Verskillende lewenswyses in verskillende lande

Alexander Graham Bell wie in 1847 in Edinburgh Skotland

gebore is sou uiteindelik op verskillende tye in die Verenigde Koninkryk, die Verenigde State en Kanada woon. Al drie lande eien hom met trots as hulle eie toe.

Indien Bell 'n curriculum vitae moes voorsien, sou dit heelwat titels moes insluit. Hy was verseker 'n uitvinder en 'n wetenskaplike wat bydraes gelewer het in velde so ver verwyderd van kommunikasie soos skeerbootontwerp en lugvaartkunde. Hy was ook 'n opvoeder wat bekend was vir sy werk met dowes en wat sy eie navorsing oor spraak en gehoor gedoen het. In werklikheid was hy daarvoor bekend dat hy met trots na homself as 'n “onderwyser vir dowes” verwys het. In 1877 is hy oplaas met een van sy dowe studente, Mabel Hubbard, getroud. Hulle het saam vier kinders gehad, hoewel twee van hulle as jong kinders gesterf het.

Bell se gesinsagtergrond het 'n groot bydraende faktor in sy vindingryke genialiteit gespeel en het sy persoonlike en professionele lewe gevorm. Bell is geweldig deur sy moeder se doofheid beïnvloed en sy vader se werk as spraakterapeut asook sy belangstelling in spraak-onderrig. Hy en sy vader het 'n stel simbole ontwikkel en verbeter om gesproke klanke uit

te beeld – 'n stelsel wat hulle “Sigbare Spraak” genoem het en wat hulle gevoel het gebruik kon word om dowes te leer om duidelik te praat. Sodanige werk het gehelp om die weg te baan vir sy toekomstige werk aan die telefoon.

Die Kanadese verbinding

Gedurende sy vroeë jare in Kanada het hy saam met sy ouers op 'n plaas naby Brantford, Ontario gewoon, met 'n uitsig oor die *Grand River*. Hy het sy somers afwisselend tussen Boston en Brantford deurgebring. Dit was gedurende daardie tyd, in die vroeë 1870's, dat Bell met sy aanvanklike werk aan die harmoniese telegraaf begin het. Hy het die taal van die Mohawk-nasie aangeleer en dit op skrif gestel met behulp van sy Sigbare Spraakstelsel.

Alexander Graham Bell was 'n ongelooflike harde werker wat dikwels tot laat in die nag gewerk het. Teen die muur van die laboratorium waar hy moeisaam gewerk het, was 'n foto van 'n uil wat as 'n grap aan hom gegee is om sy geneigdheid te weerspieël om tot laat in die nag te werk.

Om besig te wees beteken nie noodwendig om produktief te wees nie. Tog het Bell se passie vir ontdekking en uitvinding, gepaardgaande met sy fokus en vasberadenheid, getoon dat hy

meer as net besig was – hy was 'n produktiewe individu wat drome in werklikhede verander het.

Soos enige ander uitvinder het hy ook mislukings en misstappe gehad. Dit het hom egter nie daarvan weerhou om vorentoe te beur nie. Soos hy een keer opgemerk het: “Wanneer een deur sluit, open 'n ander; maar ons kyk dikwels so lank en met spyt na die geslote deur, dat ons nie dié raaksien wat vir ons oopgaan nie”. Ten opsigte van volharding het Bell opgemerk: “In wetenskaplike navorsing is daar geen onsuksesvolle eksperimente nie; elke eksperiment bevat 'n les. Indien ons nie die verwagte resultate verkry nie en net daar ophou, is dit die man wat onsuksesvol is, nie die eksperiment nie”.

Alexander Graham Bell se lewe was egter met meer as uitvinding en ontdekking gevul. Hy het gedurende die laaste 35 jaar van sy lewe baie tyd saam met sy vrou Mabel en hulle twee dogters op 'n landgoed deurgebring naby die oewers van Baddeck Baai wat hulle gekoop het. Hulle twee dogters is getroud en het nege kleinkinders aan hulle gegee. Die Bell huishouding was hierna dikwels nogal bedrywig. “Ek is so lief vir klein kindertjies”, het hy eenkeer gesê, “en ek hou van niks meer as om naby hulle te wees nie”.

Die liefde wat hy en sy vrou gedeel het was duidelik bewys in hulle laaste woorde aan mekaar voor sy dood. Mabel het langs sy

bed aan hom gefluister: “Moet my nie verlaat nie”. Hy het “Nee” in gebaretaal geantwoord, sy bewussyn verloor en gesterf.

'n Bybelse werksetiek

Die lewe van Alexander Graham Bell dien as 'n voorbeeld van werksetiek wat duidelik en uitdruklik in God se Woord geleer word. Ons kan in sy voorbeeld 'n weerspieëling van koning Salomo se vermaning aan almal van ons sien: “Alles wat jou hand vind om te doen, doen dit met jou mag, want daar is geen werk of oorleg of kennis of wysheid in die doderyk waar jy heengaan nie” (Prediker 9:10).

Hierdie “onderwyser vir die dowes” het sekerlik hierdie woorde uit die Skrif vervul, nie net in sy soeke na geleenthede vir persoonlike groei en insig nie, maar ook in die soeke om die lewens van ander mense te bevoordeel.

Bell se lewe illustreer ook 'n ander beginsel van harde werk: “Die siel van die luiaard begeer, en daar is niks nie, maar die siel van die vlytiges word versadig” (Spreuke 13:4). Dit is verseker dat die uitvinder van die telefoon alles behalwe lui was. Dit het ook gelyk asof hy met verwondering oor die wêreld rondom hom vervul was, wat gelei het tot 'n lewe wat ryk was in baie opsigte. Hy het een keer opgemerk: “God het ons paaie met wonders besaai en ons sal sekerlik nie deur die lewe gaan met ons oë gesluit nie”.

Ten tye van die nuus van sy dood in 1922 het die hele

telefoonstelsel in Kanada en die Verenigde State vir 'n oomblik van stilte opgehou werk ter herinnering aan sy lewe en bydrae tot die samelewing.

Ons leef in 'n era waar tegnologie teen 'n vinnige tempo ontwikkel. Sedert Bell se aanvanklike uitvinding het die mensdom 'n skynbaar eindelose verskeidenheid van vorms en metodes van kommunikasie ontwikkel. 'n Mens wonder wat Bell vandag sou dink van Bell Kanada – een van vele groot telekommunikasie en media-maatskappye wat sy naam dra.

Bell het gehoop dat langafstand telefoondrade uiteindelik telefone tussen verskillende en verafgeleë stede sou verbind. Teen 1907 was meer as ses miljoen telefone in gebruik. In 1915 is die eerste kus-tot-kus oproep tussen Bell en sy vriend en voormalige assistent, Thomas Watson gemaak. Die oproep was van die stad New York na San Francisco en Bell het die gesprek met dieselfde woorde begin as wat hy jare tevore op 10 Maart 1876 aan mnr. Watson gesê het: “Mnr. Watson – Kom hier – Ek wil u sien”.

Laat ons die volharding, versierendheid, fokus en merkwaardige werksetiek van die man uit drie lande waardeur: Die uitvinder Alexander Graham Bell. Danksy sy pogings en toewyding het kommunikasie vir mense regoor die wêreld verbeter. Hy was werklik 'n man wat “met al sy mag” gewerk het!

WvM

Die werke van Sy hande

Die geitjie se greep

Deur Stuart Wachowicz

In die warm streke van die wêreld sal u 'n klein kreatuurtjie vind wat menslike waarnemers al vir duisende jare lank verstom en verwar. “Geitjie” is die familienaam vir akkedisse wat daarvoor bekend is dat hulle unieke eienskappe besit. Aangesien hy nie sy oë kan knip nie gebruik hy byvoorbeeld sy tong om sy oë skoon te maak en te bevochtig. Dit word deur 'n herhaalde en soms lastige getjilp uitgeken.

Feitlik alle waarnemers erken nogtans dat die geitjie se merkwaardigste eienskap sy vermoë is om sonder moeite op vertikale of selfs oorhoofse oppervlaktes te loop, ten spyte van die feit dat sy pootjies nie taai is nie en geensins enige vorm van suigaksie het nie. Vir eeue lank was die mens nie in staat om hierdie gedrag te verklaar nie. Die Griekse filosoof, Aristoteles, het 2,300 jaar gelede kommentaar gelewer oor die geitjie se vermoë om “in enige rigting op en af teen 'n boom te hardloop, selfs met die kop na onder” (*The History of Animals*, Boek IX, Deel 9, vertaal deur D'Arcy Wentworth Thompson).

Ons begin nou om die geheime van die geitjie se vermoë te verstaan en hierdie begrip gee aanleiding tot nuwe vooruitgang in kleefkrag-tegnologie terwyl dit selfs nuwe kleefkrag-toepassings in die ruimteprogram skep.

Om die onmoontlike te doen

Indien u al ooit die geleentheid gehad het om 'n geitjie dop te hou, sou u opgemerk het dat hy blitsvinnig kan beweeg, selfs op vertikale oppervlaktes. Om teen 'n vertikale vlak te kan beweeg vereis van die een wat beweeg om 'n krag te skep wat groter is as die gewig van die liggaam wat beweeg word terwyl daar voldoende wrywing of kleefkrag op die oppervlak moet wees om die toepassing van daardie krag toe te laat. Neem in aanmerking dat 'n geitjie teen 'n tempo van 20 liggaamslengtes per sekonde kan beweeg of dit op 'n vertikale oppervlak is of selfs teen die plafon bokant u kop! Die geitjie se pootjie moet op een of ander manier aan die oppervlakte kleef *en tog* net so vinnig losgelaat word as wat dit aanvanklik aan daardie oppervlakte gekleef het. Soos dit in die *Oxford Journals* aangeteken word: “... herhaalde en snelle loslating sonder kragte wat dit beduidend loslaat is buite die vermoë van enige huidige sintetiese kleefstof” (*Mechanisms of Adhesion in Geckos*, *Oxford Journals*, Volume 42, Uitgawe 6, bl. 1082).

'n Meganisme wat daaglik deur 'n eenvoudige akkedis aangewend word sonder gedagte of inspanning, bly buite die mensdom se vermoë om te dupliseer! Hoe kry die geitjie dit dan reg?

Dit lyk asof die geheim van die geitjie se beweging in die

ontwerp van sy pootjies lê. Die vyf toontjies aan elke geitjie se pootjie is met verskeie rye mikroskopiese bondeltjies “haartjies” bedek wat *setae* genoem word. Elkeen van hierdie bondeltjies kan in honderde uiterste klein eindpuntjies opgedeel word wat *spatulae* genoem word. Wetenskaplikes het agtergekom dat die lengte en ontwerp van hierdie haaragtige strukture elkeen daarvan in staat stel om 'n elektrostatische krag (wat bekend staan as *Van der Waal se krag*) te skep wat ontwikkel sodra die toontjies aan 'n oppervlak raak. Die toontjie ontwikkel onmiddellik 'n positiewe lading en aangesien die oppervlak 'n gelyke en teenoorgestelde negatiewe lading het, laat die gevolglike elektrostatische aantrekkingskrag die geitjie toe om veilig op feitlik enige oppervlak te beweeg.

'n Geitjie weeg ongeveer 50 gram (2 onse), maar dit sou tot 130 kilogram (286 pond) *trekkrag* vereis om die gemiddelde geitjie los te wikkell indien hy ten volle met al vier pootjies vasgeheg sou wees (David Robson, “*Gecko's gravity-defying trick explained*”, *New Scientist Live*, Junie 2007). Dit verklaar waarom sommige mense 'n geitjie heeltemal veilig met slegs 'n enkele toontjie aan 'n plafon sien vasklou. 'n Geitjie van 50 gram het sowat 6,5

miljoen *spatulae*. Een miljoen *setae* kan maklik op 'n tiensentstuk inpas en gemaklik die gewig van 'n kind ondersteun (St. Fleur, “*How do Geckos' Feet Work?*” Huffington Post, 10 Augustus 2012).

Waarom gebeur dit nie dat die geitjie op een plek vassit nie, gegewe dat die ontwikkelde krag so sterk is? Hoe is dit moontlik om sy pootjies op te lig indien dit met soveel krag aan die oppervlak vaskleef?

Die *spatulae* steek nie teen 'n regse hoek van die pootjies uit nie, maar is ontwerp om die oppervlak teen 'n hoek te raak. Wanneer daardie hoek 30 grade is, lyk dit of die krag op sy maksimum is. Sodra die geitjie egter sy pootjie vorentoe beweeg, vergroot die hoek en die krag verswak vinnig, wat vinnige beweging toelaat.

Die *Oregon State University* assistent-professor in meganiese ingenieurswese, P. Alex Greaney, stel dit so: “Hierdie is werklik fassinerende *nanometer* sisteme en kragte aan die werk ... Dit is nie net op die aard van die *seta* gebaseer nie, maar op die skuins hoeke en die buigsaamheid wat hulle het, asook die vermoë om onder 'n wye verskeidenheid van beladingstoestande te werk” (Rachel Feltman, “*New Research Investigates the Physics of Sticky Gecko Feet*”, *Washington Post*, 12 Augustus 2014).

Kellar Autumn, 'n bioloog by *Lewis and Clarke College* in Oregon verklaar die volgende nadat hy hierdie verskynsel opgemerk het: “Geitjies is grootliks oorgeprogrammeer”

(Robson). Dit is te wyte aan die feit dat 'n 50-gram geitjie net 3 persent van sy *setae* nodig het om veilig te kan klim en maak dit dus moontlik om aan 'n enkele toontjie te hang! Die geitjie ondervind net probleme wanneer die oppervlak nat word wat die doeltreffendheid van hierdie fassinerende geitjiegrep van tegnologie aansienlik verminder.

Inspirerende nuwe tegnologie

Die doeltreffendheid van hierdie kleefkragstelsel oortref oor die algemeen enigiets wat die mens nog ooit kon ontwerp. Derhalwe werk die Britse Ruimtevaart, NASA en baie ander navorsingslaboratoriums tans daaraan om sintetiese “geitjie-grypers” te vervolmaak. NASA het reeds prototipes met behulp van koolstof nanobuise getoets, wat hulle hoop gebruik kan word om ruimte-robotte in staat te stel om ruimte-afval op te vang. Ander kyk weer hierna om dit vir kundige remstelsels te gebruik sowel as effektiewe heg-en-laet-los meganismes vir 'n aantal reusagtige groot en minimale klein toepassings waar tradisionele hegingstelsels beperkings het. Een navorsingsprojek beoog om die koolstof nanobuis kleefstof as 'n plaasvervanger vir soldeersel in elektriese stelsels te gebruik, terwyl ander weer hierdie geitjietegnologie bestudeer om wonde versigtig sonder steke te heg.

Toegerus op hierdie manier wedywer hierdie superhelde van die akkediswêreld met welslae teen hulle mededinger,

die fiktiewe “*Spider-Man*” van *Marvel Comics*! Geitjies is *werklike kreatuurtjies* en die moderne wetenskap poog nou om die tegniese vaardigheid van hierdie werklike geitjiekreatuurtjie na te boots ten einde die mens se vermoë te verbeter om op aarde en in die ruimte te werk.

As gevolg van ons vinnige lewenstempo, neem die meeste van ons selde die tyd om stil te staan en die merkwaardige en ingewikkelde aspekte van organismes waar te neem wat deel van ons wêreld uitmaak. Ons sien soms die groot dinge raak, maar ignoreer dikwels die kleiner of geringer dingetjies. Tog is daar in sommige van hierdie klein, maar ongelooflik komplekse lewensvorms herinneringe aan die ooglopende ingenieurswese wat in die struktuur van lewe ingebou is.

Ons het nou meer as ooit tevore die geleentheid om in hierdie tydperk daarvan te leer en die besondere gawe te waardeer wat so duidelik sigbaar in die ontwerp van selfs die geitjie is, aspekte wat moderne wetenskap vandag probeer naboots om die uitdagings van môre beter aan te spreek. Die genialiteit agter die geitjie se grep, die briljante Ingenieur en Skepper van beide die astronomiese en mikroskopiese, word betekenisvol by geleentheid in die Bybelse boek van Psalms geprys: “Hoe talryk is u werke, o HERE! U het hulle almal met wysheid gemaak; die aarde is vol van u skepsele! (Psalm 104:24). **WvM**”

Londen roep

Die Suezkrisis: 60 jaar later

Deur John Meakin

Sestig jaar gelede was die wêreld se aandag op 'n enkele kanaal in die Midde-Ooste gefokus. Wat daar gebeur het, gaan tot vandag toe voort om die wêreld te raak.

Die Suezkanaal in Egipte is in 1869 deur die Franse voltooi. Dit het die Middellandse See met die Skelfsee verbind en was só ontwerp om die lang seereis te vervang wat skepe onder om Afrika sou moes neem. Die bekende waterweg was deur die Frans-gebaseerde Suezkanaal Maatskappy bedryf en in stand gehou, met Brittanje as die beherende aandeelhouer. Die kanaal was van groot strategiese belang vir almal wat dit gebruik het.

Brittanje het die kanaal as 'n "imperialistiese reddingsboei" vir haar wydgestrekte ryk gesien en het vanaf 1882 'n groot aantal troepe daar gestasioneer om die kanaal te beskerm. Die kanaal het al hoe belangriker geword as gevolg van die Midde-Ooste se olie – teen 1955 is ongeveer twee-derdes van Europa se olie deur die kanaal verskeep. In 1956 het 'n groot eienaarskapkrisis egter plaasgevind nadat Egipte beheer van die kanaal oorgeneem het en alle Britse troepe die land verlaat het.

In die 60ste herdenkingsjaar van die Suezkrisis, word ons vlugtig daaraan herinner *waarom dit plaasgevind het en wat die geweldige impak daarvan in daaropvolgende jare gewees het*. Uit 'n geestelike perspektief, *waar is God in sulke*

geopolitieke gebeure?

Wie help vir wie?

In 1952 het Gamal Abdel Nasser die regering in Egipte oorgeneem. Hy wou alle Britse troepe van Egiptiese grond verwyder, dus was 'n ooreenkoms in Julie 1954 onderteken dat al die Britse troepe teen 1956 uit die gebied sou wees. Nasser het Amerika teen die Sowjet-Unie probeer afspeel om voortgesette militêre en finansiële ondersteuning te verseker. Amerika was ontvrede met Nasser se radikale politiek en het geweier om te help om die Aswan High Dam-projek te finansier. Nasser was woedend en het opgetree deur die Suezkanaal Maatskappy op 26 Julie 1956 te nasionaliseer.

Dit het gelei tot groot vrees oor die ongekontroleerde vloei van internasionale skeepsvaart, veral dié van die Midde-Ooste se olie na Europa. Israel was verhinder om die kanaal te gebruik en dit wou voorkom asof Brittanje se skakeling met haar Britse Ryk nasies ook bedreig was. Nasser was die voorste kampvegter vir Pan-Arabiese nasionalisme. Dit het 'n groot bedreiging vir Israel ingehou, terwyl sy aktiewe teenkanting teen kolonialisme bykomende redes aan Brittanje, Frankryk en Israel verskaf het om hom uit die kussings te lig en weer beheer van die kanaal oor te neem. Met die voortsetting van hulle plan, het hulle nogtans Amerika se raad geïgnoreer asook nagelaat om die V.S. se regering in te lig

en hulle lelik met die wêreld se opinie misgis.

Brittanje, Frankryk en Israel se geheime beplande inval het op 29 Oktober begin, met Israel wat Sinai ingeneem het. 'n Bietjie meer as 'n week later is die oorlog egter gestaak as gevolg van swaar Amerikaanse politieke en ekonomiese druk en internasionale diplomatie deur die Verenigde Nasies. Frankryk en Brittanje was dus verhinder om hulle doelwitte te bereik. Nasser het seëvierend uit die stryd getree, beheer oor die Suezkanaal herwin asook oor alle gebiede wat hulle in die oorlog verloor het. Frankryk en Brittanje was verneder, terwyl Israel in een opsig gebaat het deur beter voorbereid te wees vir hulle volgende oorlog teen Egipte elf jaar later.

Waarom het Amerika versuim om sommige van sy mees gewaardeerde bondgenote te ondersteun?

Die oorlog oor die Suez het in die skadu van die 40-jaarlangse Koue Oorlog tussen Amerika en die Sowjet-Unie geval. Die jaar 1956 was 'n uitdagende jaar waarin eers Pole en daarna Hongarye vir Rusland oor sy onderdrukkende bewind uitgedaag het. Alhoewel die Poolse situasie tydelik gestabiliseer is, het die Hongaarse opstand tot wrede en bloedige onderdrukking gelei wat, uitsers deurslaggewend, *op dieselfde tyd as die Suezkrisis plaasgevind het*.

Amerika was bevrees dat die Franse, Britse en Israelse

ingryping in Egipte die Arabiese en Moslems se sienswyses sou aanstoot gee en die Midde-Ooste destabiliseer. Arabiese nasies sou dalk in die rigting van Rusland gedryf word en so die deur vir groter Sowjet-invloed in die streek insieer. Rusland het terselfdertyd met vuurpyl-aanvalle teen Brittanje, Frankryk en Israel gedreig, met Khrushchev wat openlik gedreig het om tot oorlog toe te tree ter verdediging van Egipte. Dit het aanleiding gegee tot opregte vrese dat die konflik tot die Derde Wêreldoorlog kon lei.

Eisenhower was toevallig betrokke by 'n herverkiesing op 6 November en dit was dus nodig dat hy sensitief sou wees vir die V.S. se binnelandse mening. Selfs al was Brittanje en Frankryk belangrike NAVO-bondgenote, het Amerika die onmiddellike beëindiging van vyandigheid as 'n vereiste vir die toekoms gesien. Daar was nie veel wat gedoen kon word om Hongarye te help nie. Die kanaal was vir vyf maande gesluit tot Maart 1957 en daarna weer vir alle verkeer heropen.

Die nagevolge van hierdie gebeure was betekenisvol vir baie nasies.

Die Suezkrisis het die einde van *Brittanje* se rol as 'n wêreldmag aangekondig. Die verbrokkeling van Brittanje se kwynende Ryk was bespoedig. Die Eerste Minister, Anthony Eden, was verpletter; sy gesondheid het agteruitgegaan en hy het uit sy amp bedank. Brittanje kon slegs oorleef deur die ekonomiese ingryping en goedkeuring van Amerika. Hulle nuwe tegemoetkomende "spesiale verhouding" was spoedig onder die McMillan Premierskap

hervat.

Wes-Duitsland was woedend vir die V.S. se versuim om in Hongarye teen Rusland in te gryp terwyl Wes-Duitsland terselfdertyd in Egipte saam met Rusland teen haar Westerse bondgenote gewerk het. Die *NAVO alliansie* was daardeur verswak en verdeel. *Frankryk* het verraai gevoel deur haar onbetroubare bondgenote en het haarself in toenemende mate van NAVO gedistansieer om haar eie kernvermoë te ontwikkel. Die ervaring het waarskynlik 'n invloed op die aanneming van die *Verdrag van Rome* in 1957 gehad, wat bedoel was om groter Europese selfstandigheid aan te moedig. *Arabiese nasies* was aangeemoedig om teen die "groot nasies" se afknouery op te staan; namate vooruitstrewende nasies na vore gekom het om onder die gesag van hulle koloniale meesters te ontsnap. *Amerika* het invloed in die Midde-Ooste verloor, terwyl die *Sowjet-Unie* hierby baat gevind het.

Met verloop van tyd het die belangrikheid van die Suezkanaal ietwat afgeneem, alhoewel dit 'n beslissende twispunt bly. Die grootste moderne olietenkers is te groot om die kanaal te gebruik; daarom verkies sommige die roete rondom Afrika. Brittanje was uiteindelik met Noordsee-olie geseën. Nasser het in die geskiedenis verdwyn en sy droom om 'n Pan-Arabiese leier te word is nooit verwesenlik nie. Amerika het die Koue Oorlog gewen en daarna die wêreld se enigste supermoondheid geword.

Die bes beraamde planne ...

Dit alles illustreer 'n eenvoudig, oorkoepelende *geestelike punt*. Ten spyte van al die dinamiese, steeds veranderende verhoudings tussen nasies op internasionale gebied – met al hulle militêre, ekonomiese, ideologiese en diplomatieke gekompliseerdhede en gekonkelry – *is dit God wat oppermagtig bly*. Hy is die een wat nasies verhef en ander tot 'n val bring om Sy doel te bereik en Bybelse profesie te vervul.

Die eertydse magtige koning Nebukadnesar van Babel het op die harde manier geleer "dat die Allerhoogste mag het oor die koningskap van die mens en dit gee aan wie Hy wil" (Daniël 4:25). God is almagtig en Sy wil en doel sal seëvier: "Ek God is, en daar is geen ander nie; *Ek* is God, en daar is niemand soos *Ek* nie; wat van die begin af verkondig die einde, en van die voortyd af wat nog nie gebeur het nie; wat sê: My raad sal bestaan, en al wat my behaag, sal *Ek* doen" (Jesaja 46:9-10).

In vandag se chaotiese en vinnig veranderende wêreld waarin God toenemend op die kantlyn geskuif, geïgnoreer en Sy wil verwaarloos word, sal dit wys wees om hierdie belangrike, allesomvattende les te onthou.

Hou aan om die *Wêreld van Môre*-tydskrif te lees namate ons voortgaan om aan u 'n dieper begrip van die vordering van wêreldgebeure te gee soos dit deur die prisma van Bybelse profesie gesien word – God se onaantasbare wil en doel. "... soos *Ek* dit gespreek het, sal *Ek* dit ook laat kom; *Ek* het dit voorberei, *Ek* sal dit ook doen" (Jesaja 46:11). **WvM**

Vrae & Antwoorde

Waarom laat God toe dat Satan oor die aarde heers?

VRAAG: Indien God almagtig is, waarom laat Hy Satan toe om die “god van hierdie wêreld” te wees? (2 Korinthiërs 4:4).

ANTWOORD: Die Skrif maak dit duidelik dat die duiwel – Satan – tans in beheer van die planeet Aarde is. Jesus Christus het Self kort voor Sy inhegtenisneming en kruisiging Satan se gesag erken: “Ek sal nie veel meer met julle spreek nie; want die owerste van hierdie wêreld kom en het aan My niks nie” (Johannes 14:30).

Hoe oefen die duiwel sy heerskappy uit? Wêreldgebeure word deur Satan beïnvloed deur sy beseie idees in die denke van die mens te plaas, baie soos 'n TV-sender wat sy seine in die lug uitsaai om in mense se huise ontvang te word. Hierdie ooreenkoms kan ons help om in te sien waarom die Skrif so oor Satan skryf: “... die owerste van die mag van die lug, van die gees wat nou in die kinders van die ongehoorsaamheid werk, onder wie ons almal ook vroeër gewandel het in die begeerlikhede van ons vlees toe ons die wil van die vlees en van die sinne gedoen het; en ons was van nature kinders van die toorn net soos ook die ander” (Efésiërs 2:2-3).

Was daar altyd 'n Satan? Nee! God het 'n wyse en pragtige aartsengel met die naam Lucifer geskape – hy het saam met Michael en Gabriel by God se troon in die hemel gedien. Waarom het hierdie Lucifer (Latyns vir “lig-bringer” of “môrester”) geval en Satan (Hebreeus vir “aanklaer” of “teenstander”) geword? U kan hieroor in Eségiël 28:12-15 en Lukas 10:18 lees.

Lucifer en 'n derde van die engele (Openbaring 12:3-4) het teen hulle Skepper in opstand gekom. Op 'n sekere punt in die verre verlede, het Lucifer hierdie engele gelei “bo die hoogtes van die wolke” om die troon van God oor te neem (Jesaja 14:13-14). Hulle het hul “eie woning” of aangewese verantwoordelikheid (Judas :6) wat onder die wolke hier op hierdie aarde was verlaat. Na hulle onsuksesvolle poging was hulle na die Aarde teruggewerp (Jesaja 14:12).

Satan het in sy opstand misluk, maar hy bly in die amp wat God aan hom gegee het, waar hy ironies genoeg, steeds instrumenteel in God se plan is. U sien, huidiglik spandeer die mens 6,000 jaar om volgens hulle eie manier te leef en word só deur Satan se gees van selfsug en boosheid beïnvloed. Met hulle eie bloed, sweet en tranes, word die geskiedenis geskryf van hoe dit is om in

ongehoorsaamheid aan God te leef.

God het 'n plan

Die lid van die Godgesin wie Jesus Christus geword het, het 'n bietjie meer as 2,000 jaar gelede as 'n mens na die aarde gekom (Johannes 1:1, 14). Deur Sy volmaakte lewe te leef – wat sonder maat met die Heilige Gees gevul is – het Hy getoon dat die mens met God se hulp in gehoorsaamheid aan God kan leef en dus Satan se lewenswyse kan verwerp (Galasiërs 2:20).

As gevolg van Jesus Christus sal Satan se heerskappy binnekort op die aarde tot 'n einde kom. Dit is waarom die duiwel net as die god van “hierdie tydperk” bekend staan. Binnekort sal daar 'n tydperk aanbreek wanneer Jesus Christus vir Satan as die owerste van hierdie wêreld sal vervang. Daardie tydperk word “die Millennium” genoem. Jesus Christus wie as 'n mens na die aarde gekom het en 'n volmaakte, sondelose lewe gelei het, sal as Koning terugkeer en Satan uit sy heerskappy verwyder.

Aangesien die Millennium nog nie hier is nie, wat kan ons doen om die beseie gevolge van Satan se heerskappy te ontsnap? Diegene wat Jesus Christus se offer aanvaar, kan deur die krag van die Heilige Gees nou onder God se Regering kom en krag ontvang om Satan se invloed in hulle lewens te weerstaan. “Onderwerp julle dan aan God; weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug. Nader tot God, en Hy sal tot julle nader. Reinig die hande, julle sondaars, en suiwer die harte, julle dubbelhartiges!” (Jakobus 4:7-8).

God kyk om te sien wie aan Jesus Christus gehoorsaam is en wie hulle aan boosheid oorgee. “Want die tyd is daar dat die oordeel moet begin by die huis van God. En as dit eers by ons begin, wat sal die einde wees van die wat aan die evangelie van God ongehoorsaam is? En as die regverdige nouliks gered word, waar sal die goddelose en die sondaar verskyn?” (1 Petrus 4:17-18).

Wanneer die Vredevoers terugkeer om Sy Regering oor alle nasies te vestig, sal Satan se heerskappy beëindig word. “Nou is dit die oordeel van hierdie wêreld, nou sal die owerste van hierdie wêreld buitentoe gedryf word” (Johannes 12:31). Mag God daardie dag bespoedig! **WvM**

Keerpunte in

Hoe “Christelikheid” die wêreld verander het

Beskawings oor die hele wêreld heen het verander namate een godsdienst versprei het en 'n impak op elke kultuur gehad het waarmee dit in aanraking gekom het.

Jesus Christus het Sy Kerk in 31 n.C. gestig om Sy leerstellings en Sy boodskap van die toekomstige Koninkryk van God aan die wêreld uit te dra (Matthéüs 28:19-20). Diegene wat deel van hierdie beweging was, is “Christene” genoem (Handelinge 11:26). Dit was egter nie lank voordat 'n element van daardie geloof op beduidende maniere van die leerstellings van Jesus begin afwyk het nie (Judas :3). Die godsdienst wat uit hierdie afwyking gegroei het – die ineenvloei van Bybelse leerstellings en gebruike van Jesus met onbybelse leerstellings en gebruike van buite die Bybel – het uiteindelik die gesag en invloed van Rome verkry asook die openbare etiket van “Christelikheid”.

Die samevloei van Bybelse begrippe en heidense idees wat hierdie wêreldwye, *belydende* Christelikheid verteenwoordig, sowel as die merkwaardige wyse waarop God die suiwer geloof en leerstellings van *ware Christenskap* onder 'n klein kudde bewaar het, sal die onderwerp van toekomstige artikels in hierdie reeks wees.

Die geskiedkundige rekord is duidelik: Die gemengde godsdienst wat Christus se naam oorgeneem het, het 'n *geweldige* uitwerking op die beskawing gehad wat tot vandag toe nog regoor die wêreld ondervind word.

Die verandering van die Romeinse Ryk

So 'n impak het gou in die Romeinse Ryk self posgevat. Die voormalige professor in sosiologie, dr. Alvin Schmidt, maak melding van Elwood Cubberly se waarneming dat die Bybelse leerstellings van Jesus Christus “byna alles waarvoor die Romeinse wêreld gestaan het” bevraagteken (*How Christianity Changed the World*, Schmidt, bl. 44). Dr. James Kennedy skryf: “Voor die invloed van Christelikheid was lewe waardeloos ... In daardie dae was aborsie algemeen. Om kinders weg te gooi was algemeen: Dit was alledaags om sieklike, gebrekkige of ongewenste kindertjies na die woud of berge te neem om deur wilde diere verslind te word of om van die honger te sterf ... Hulle het dikwels vroulike babas weggegooi omdat vroue as minderwaardig beskou was” (*What If Jesus Had Never Been Born?*, bl. 9-11).

Die Romeine het wreed-aardige gladiatoragtige wed-

stryde georganiseer waar duisende slawe, veroordeelde misdadigers en krygsgevangenes mekaar verskeur en vermoor het tot die vermaak van juigende skares. Romeinse skrywers dui aan dat “seksuele aktiwiteite tussen manne en vroue hoogs verwarrend en hoofsaaklik pervers geword het voor en gedurende die tyd wat Christene in die Romeinse samelewing verskyn het”. Homoseksualiteit was wydverspreid onder die heidense Grieke en Romeine, veral tussen mans met seuns (Schmidt, bl. 79-86). Vroue is na 'n laer status in die samelewing verban, waar hulle min skoolopleiding ontvang het, nie in die openbaar toegelaat was om te praat nie en as die eiendom van hulle mans beskou was (Schmidt, bl. 97-102).

Namate belydende Christelikheid in die streek versprei het, het daardie dele van die leerstellings wat met die Bybelse waarhede ooreengestem het, 'n groot impak gehad. Heidense gebruike is met Bybelse beginsels gekonfronteer ten opsigte van vroue se status en die belangrikheid van die gesin (Efésiërs 5:22-33; 6:1-4), die heiligheid van menslike lewe soos dit na die beeld van God geskape is (Génesis 1:26) en die sondigheid van seksuele onsedelikheid en homo-

wêreldgeskiedenis

seksualiteit (1 Korinthiërs 6:9-10). Uiteindelik het Romeinse keisers selfs 'n verbod op die brandmerk en kruisiging van misdadigers geplaas en 'n einde aan die wrede gladiator kragmetings gemaak wat vir byna sewe eeue gefloreer het – een van die belangrikste hervormings in die morele geskiedenis van die mensdom is toegepas (Schmidt, bl. 63-65). In die woorde van die geskiedkundige, Christopher Dawson, het die verandering wat deur die verspreiding van hierdie idees bewerkstellig is, “die begin van 'n nuwe era in wêreldgeskiedenis” gekenmerk (*Religion and the Rise of Western Culture*, bl. 25).

Sodanige verandering was nie net tot die Weste beperk nie. Die invloed van Bybelse beginsels het *sutti* in Indië afgeskaf. Dit was die gebruik om 'n weduwee op die brandstapel van haar gestorwe man te verbrand. Dit het 'n einde gemaak aan die moord op vroue en byvroue wanneer stamhoofde in Afrika gesterf het, kannibalisme is ontmoedig en het gehelp om wêreldwye slawehandel in die 1800's te beëindig (Kennedy, bl. 16-17).

Verandering is nie altyd vrywillig nie

Terwyl dit sommige van die Bybelse leerstellings in sy doktrines en kategismusse

bevat het, was hierdie “Christelike” 'n saamgesmelte godsdiens. Dit het Jesus se Bybelse leerstellings met die oortuigings, gebruike en gesindhede vermeng van heelwat volke wat dit wou “verander”.

Baie van dieselfde geleerdes wat die voordele ingesien het van dit wat deur belydende Christelike na die wêreld gebring is, het ook besef dat hierdie toenemende invloed dikwels deur uiters onbybelse en onchristelike maniere tot stand gebring is. Die geskiedenis van bewegings soos die Spaanse Inkwisisie, wat Jode en Moslems in Europa en elders met geweld deur pyn en marteling bekeer het, kan nie ontken word nie. Jesus leer sy volgelinge: “My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie; as my koninkryk van hierdie wêreld was, sou my dienaars geveg het” (Johannes 18:36). Die godsdiens wat in Sy naam versprei is, het egter anders daarvoor gedink en die kruistogte en ander militaristiese pogings is van stapel gestuur om ruimte te skep sodat hulle invloed kon toeneem.

Verbranding op die brandstapel, onthoofding, galgdood en ander teregstellings van kettters en diegene wat nie bereid was om hulle te bekeer nie, was kenmerkend van die Rooms-Katolieke sowel as Protestantse neigings van die

belydende Christendom (Schmidt, bl. 293). Die godsdiens wat die wêreld verander het mag dalk in naam “Christelik” gewees het, maar dit was nie werklik die godsdiens wat deur Jesus Christus gevestig is nie.

Die impak op die moderne wêreld

Die impak van daardie godsdiens is vandag nog steeds in die Westerse beskawing waarneembaar. Geskiedkundiges van belydende Christelike het opgemerk: “Teen die Middel-eeue het Christelike die Westerse kultuur gevorm en dit sal voortgaan om kulture te beïnvloed waar [die leerstellings] ookal versprei word” (*Seven Revolutions*, Aquilina & Papandrea, bl. 6-7). Die welwillendheid wat deur Bybelse leerstellings aangemoedig word (bv. Lukas 10:30-37), het uiteindelik gefloreer in hospitale, weeshuise, tehuse vir bejaardes, die versorging van armes, diegene wat honger ly en die wat haweloos is. (Schmidt, bl. 147-148). Selfs heelwat van die grootste en mees vooraanstaande universiteite van ons dag is oorspronklik vir “Christelike” doeleindes gestig (Kennedy, bl. 40).

Terwyl kritici beweer dat Christelike godsdiens die groei van wetenskap belemmer, dui die geskiedenis anders aan. Dr.

Rodney Stark, 'n professor in sosiologie en vergelykende godsdiens verklaar: "Die voorste wetenskaplike persone in die sestiende en sewentiende eeue was meestal toegewyde Christene wat geglo het dat dit hulle plig was om God se handewerk te verstaan" (*For the Glory of God*, bl. 123). In teenstelling met die godlose gelowe van Asië en die wispelturige gode van ander gelowe, is die God van die Bybel 'n verstandige Wese. God se skepping werk volgens wette wat sigbaar is en toegepas kan word om probleme tot voordeel

van die mensdom op te los (Psalm 19:1; Spreuke 25:2) – 'n begrip wat "noodsaaklik is vir die vooruitgang van die wetenskap" (Stark, bl. 123).

Moderne, ateïstiese kritici kan met die oortuigings van die Bybel en die bygelowe van belydende Christendom spot, maar hulle doen dit terwyl hulle voordeel trek deur in 'n kultuur te leef wat op baie van die oortuigings gebou is wat hulle verag. Terwyl dit op baie maniere lyk of dit op die oomblik aan die afneem is, voorspel die Bybel dat hierdie afvallige, belydende Christendom weer

geweldig opgang sal maak, nie net om die wêreld te *beïnvloed* nie, maar om dit te *verower* (Openbaring 6:1-2) op 'n wyse wat dit in konflik sal bring met *ware* Christenskap wat probeer het om dit agter te laat (Openbaring 13:11-17).

Op 'n baie werklike manier sal die draaipunt in geskiedenis wat die verspreiding van belydende Christelikheid verteenwoordig, 'n voorteken wees van 'n groter keerpunt wat nog sal kom.

—*Douglas S. Winnail*

Vervolg vanaf bladsy 14 – *Behoort Christene Kersfees te vier?*

Here, Here! en doen nie wat Ek sê nie?"

Dit is eintlik verbasend duidelik. Indien Jesus vandag op aarde was, met die wete dat Sy hemelse Vader Hom beveel om nie heidense gewoontes te gebruik om Hom te aanbid nie, sou Jesus Christus Kersfees gevier het? Enigeen wat bereid is om eerlik met die Bybel te wees behoort te sê: "Nee, Hy sou nie". Niemand wat daarop aanspraak maak om Hom te volg of wat beweer om 'n Christen te wees, sou Kersfees vier nie.

Jesus Christus het nie Sy naam aan Kersfees gekoppel nie. Mense het. Jesus Christus en Sy getroue volgelinge hou hulleself verantwoordelik aan 'n hoër gesag wat hoër as die tradisies van mense is. Dit is wat dit beteken om 'n Christen te wees.

'n Eenvoudige, maar onweerlegbare antwoord

Ons het met 'n vraag begin wat dalk vreemd kon klink: Behoort Christene Kersfees te vier? Die antwoord mag dalk net so vreemd wees – maar dit is ook onweerlegbaar: Nee, hulle behoort nie.

Dit mag wel pret en 'n "aangename tyd" wees. Ons mag dit selfs geniet. Dit mag heel moontlik 'n lang familie-tradisie wees. Ons mag eerlik en opreg probeer om dit met goeie bedoelings vir God te hou. Kersfees is egter nie 'n Christelike fees volgens die woorde en leerstellings van die stigter van die Christendom Self – Jesus Christus – nie. Trouens, Jesus se leerstellings veroordeel die viering daarvan asook die viering van alle soortgelyke vakansiedae wat hulle oorsprong in heidense gewoontes en gebruike van aanbidding het.

Jesus verbied Sy volgelinge om dit te vier. Christene behoort nie Kersfees te vier nie.

Indien Christene hulle geloof met suiwer harte en sonder skynheiligheid wil beoefen en daarna streef om Jesus in hulle diens en gebruike te behaag en nie hulleself of ander mense nie – dan maak hierdie dinge saak. Christene moet tot meer as goeie bedoelings verbind wees. Soos Jesus aan die vrou by die put gesê het: "Julle aanbid wat julle nie weet nie; ons aanbid wat ons weet, want die saligheid is uit die Jode. Maar daar kom 'n uur, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader in gees en waarheid sal aanbid; want die Vader soek ook mense wat Hom só aanbid. God is Gees; en die wat Hom aanbid, moet in gees en waarheid aanbid" (Johannes 4:22-24). **WvM**

WvM

Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik

godsdienst” verstaan en gewillig wees om te doen wat die Almagtige God ware Christene beveel om te doen!

Die Almagtige God het die skrywer van Hebreërs geïnspireer om aan ons te vertel: “Jesus Christus is gister en vandag **dieselfde** en tot in ewigheid” (Hebreërs 13:8). Dus **verander** die Christus van die Bybel **nie**. Hy maak nie ewe skielik allerhande soorte “nuwe” en teenstrydige idees oor die huwelik, seks, moord, ens. bekend nie. *Indien* u gewillig is om te verstaan dat die Christus van die Bybel regdeur die hele Ou Testament die Een is wat van ewigheid af saam met God bestaan as die “Woord”, die *Logos* en die Woordvoerder vir God. Soos God die apostel Paulus geïnspireer het om aan ons in 1 Korinthiërs 10:3-4 te vertel, het die Israeliete “almal dieselfde geestelike spys geëet ... en almal dieselfde geestelike drank gedrink ... want hulle het gedrink uit 'n geestelike rots wat gevolg het, en die rots was Christus.” Soos *baie* Skrifture aandui, **was Christus** die God van antieke Israel! Dit was **Christus** wat die Tien Gebooe gegee het! Dit was Christus wat die sewendedag Sabbat ingestel het! Dit was Christus wat die jaarlikse Heilige feesdae ingestel het wat God beveel het alle Christene moet onderhou, soos die Pasga, Pinkster en die Huttefees! Trouens, die Almagtige God maak dit in profesie baie duidelik dat Christus al die nasies geweldig sal **straf** in die toekomstige Millennium indien hulle sou weier om die Huttefees te onderhou (Sagaria 14:16-19)!

Nou toe nou!

Waarom het u nog *nooit gehoor* dat hierdie dinge in die “hoofstroom kerke” gepreek word nie? Die Bybel maak dit trouens ook *baie duidelik* dat Satan die “god” van hierdie huidige wêreld is – hierdie huidige menslike samelewing (2 Korinthiërs 4:3-4). Die apostel Paulus verduidelik dat die duiwel “die owerste van die mag van die lug” is (Efésiërs 2:2), wat beteken dat hy effektief

in beheer van die media is! Hy *verblind* die denke van baie mense deur die konstante bombardering van *verkeerde* inligting wat deur ons media uitgedra word om mense, veral ons jeug, te verwar oor wat reg of verkeerd is, oor die werklike aard van die mens en oor **ware godsdienst**! Dus, **indien** u regtig wil verstaan **hoe** om die Skepper werklik te aanbid en **hoe** om te leef om die ewige lewe te verkry, behoort u die Bybel eerder op só 'n manier **te bestudeer** soos u nog nooit tevore gedoen het nie!

Ware hulp vir werklike begrip!

Ons wat hierdie Werk van die lewende Christus doen is hier om u te help. *Ek wil u* in opregte liefde en spontane besorgdheid *aanmoedig* om die uiters nuttige korrespondensiekursus aan te vra wat ons aan diegene beskikbaar stel wat werklik bereid is om die Bybel te **bestudeer**. Ons het ook **twee** insiggewende boekies om u te help, **indien** u werklik wil verstaan. Die eerste boekie met die titel: *Hervestig die oorspronklike Christenskap*, sal u oë open oor *wat* met die oorspronklike Christenskap van Jesus *gebeur* het en hoe dit heeltemal vernietig en verdraaid geraak het tydens die “Donker Eeue” van hierdie wêreld se godsdienstige ontwikkeling. Ons insiggewende boekie met die titel *Die Bybel: Feit of Fiksie?* sal u ook werklik tot hulp wees om te **bewys** dat dit wat ons die Bybel noem, in werklikheid die openbaring van God aan die mensdom is. Albei hierdie boekies en die *Wêreld van Môre-Bybelstudiekursus* sal op u versoek **absoluut gratis** aan u gestuur word.

Indien u egter werklik begeer om vir ewig in die toekomstige Koninkryk van God te leef wanneer Christus weer as Koning van die konings kom, het **u** ook *u deel* om te doen! Wees dus bereid om daadwerklik **op te tree** en aan u Skepper te toon dat u regtig “die Waarheid” wil vind indien dit iewers is. Op een of ander wyse het God u by die plek gebring waar dit *werklik*

Verwittig ons asseblief onmiddellik van enige verandering in u posadres.

Onthou asseblief om in te skakel op
Tomorrow's World TV-program van
 11:00 tot 11:30 v.m. op Sondag-oggende,
kanaal 263 op DStv.

geopenbaar word – soos u vir uself kan **bewys** indien u gewillig is! Stuur dus u versoek vir hierdie absoluut **gratis** materiaal aan en leer om die Bybel werklik te **bestudeer** en slaan al die skrifgedeeltes met 'n oop gemoed na oor enige gegewe onderwerp. Wees dan gewillig om “met

God te wandel” en laat die ware Christus van die Bybel u lewe lei en Sy lewe in u leef deur die Heilige Gees (Galasiërs 2:20).



Wêreld van Môre

Bybelstudiekursus

Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang! Dit sal u Bybelkennis grootliks aanvul en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.

**Skryf aan: Lewende Kerk van God
 Privaatsak X 3016
 Harrismith, FS
 9880**

**of skakel : 058 622 1424
 en meld dat u navraag doen
 oor die “Wêreld van Môre” Bybelstudiekursus**